

**'N EKSPLORASIE VAN PARADOKSE EN DIE NUT DAARVAN VIR**

**DIE GESINSTERAPIE PRAKTYK**

deur

Barbara C Verster

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM IN DIE SOSIALE WETENSKAPPE**

**(GEESTESGESONDHEID)**

in die

**DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK**

aan die

**UNIVERSITET VAN SUID AFRIKA**

**STUDIELEIER: Dr K J Collins**

**MEDE-STUDIELEIER: Me D A Tennant**

**JUNIE 2000**

## Verklaring

Ek verklaar hiermee dat "n Eksplorاسie van paradokse en die nut daarvan vir die Gesinsterapie-praktyk" my eie werk is en dat alle bronne wat gebruik is, aangedui is en erken word deur volledige verwysings.

B. C. VERSTER

Me B C Verster

## Dankbetuigings

- die "Roux-gesin" waarby ek so baie kon leer en professioneel kon groei
- my mede-studente (Thabang, Pieter, Marna, Hedwig en Celeste) saam met wie ek my denke kon eksplorieer en herformuleer
- die dosente aan die Departement van Maatskaplike Werk, UNISA, veral Hanka Grobler en Ida van Dyk vir die wonderlike ervaring van epistemologiese verandering
- my studieleiers, Desiree Tennant en Dr K. J. Collins vir hulle leiding en bystand
- Christien de Jongh, my beste vriendin, vir die lang ure wat jy ingesit het om hierdie verslag te tik
- My Hemelse Vader wat my die vermoë gegee het om hierdie wonderlike geleentheid te benut
- my gesin vir hulle ondersteuning, veral my ma vir die na-lees van die verslag en my broer, Theunis vir die nuttige gesprekke wat ons kon hê
- die vaders van die eko-sisteemteorie, veral Bateson, Watzlawick, die Milaan-span, Maturana en Keeny, wat my "journey of mind" betekenis en konteks gee.

## Opsomming

'n Terapeutiese sisteem word gevorm, wanneer 'n terapeut hom by 'n gesin aansluit. 'n Terapeut fokus op patrone van interaksie en verhoudinge van die gesin wat terapie benodig. Deur met die gesin te bind, tree die terapeut in interaksie met die ekologie van die gesin. Sekere idees word hierdeur gegenereer aangaande die moontlike intervensies, wat tot die verlangde veranderinge kan lei.

In die studie, tree ek as navorser op en as gesinsterapeut gedurende die terapeutiese interaksie, het dit geblyk dat die patrone in die gesin, elemente van paradokse bevat. Teen-paradokse is as intervensies geformuleer.

Paradokse en die nut daarvan in die gesin, het die navorser/terapeut se verbeelding geprikkel. Hierdie studie verteenwoordig sommige teoretiese aspekte aangaande paradokse en 'n demonstrasie van aanwending van die paradoks, soos toegepas gedurende drie sessies 'n gesinterapie. Ek deel ook my punktuasies aangaande die nut van die paradoks vir die gesinsterapie-praktyk, met die leser.

## Summary

A therapeutic system is formed when the therapist enters a particular family. A therapist focuses on the patterns of interaction and the relationships of a family that requires therapeutic intervention. By joining the family, the therapist finds in the ecology of the family some ideas for the possible interventions that might lead to the desired changes.

In this study, I acted as both researcher and family therapist. During the therapeutic interaction it became apparent that the patterns in the family contained elements of paradoxes. Counter-paradoxes were formulated as interventions.

The phenomenon of paradoxes and its usefulness in family therapy captured the researcher/therapist's imagination. This study presents some theoretical aspects regarding paradoxes, and a demonstration of the use of the paradox as applied during three sessions in family therapy. I also share my punctuations of the usefulness of the paradox for the family therapy practice with the reader.

# Inhoudsopgawe

## *Hoofstuk 1: Algemene inleiding ter bespreking van die omvang van die studie*

1.	Inleiding	1
1.1	Die konteks van die studie	2
1.2	Doelstellings van die studie	2
1.3	Motivering vir die navorsingsontwerp in subjektiewe terme	3
1.4	Die navorsingsvraag	5
2.	Konseptuele raamwerk van die navorsing	6
2.1	Aksienavorsing	6
2.1.1	Definisie	6
2.1.2	Die drie siklusse van aksie-reflektering	8
2.1.3	Motivering van die soort navorsing	9
2.1.4	Navorsingsontwerp	10
2.1.5	Seleksieproses	10
2.1.6	Data-insameling	11
2.1.7	Deelnemers en konteks	11
2.1.8	Moontlike vooroordele en leemtes van die studie	11
2.1.9	Aannames relevant aan die studie	12
3.	Begripsoms krywing	12
3.1	Gesinsterapie	12
3.2	Konstruktivisme	13
3.3	Kubernetika	13
3.4	Paradoks	13
3.5	Punktuasie	13
3.6	Sisteemteorie	14
3.7	Terapeutiese tegniek	14

4.	Uiteensetting van die verslag	14
<b>Hoofstuk 2: Paradokse in konteks</b>		<b>15</b>
1.	Inleiding	15
2.	Teoretiese raamwerk waarbinne paradoks benut word	17
2.1	Die paradoks binne psigoterapie	17
3.	'n Estetiese omskrywing van paradokse	19
3.1	Konstruktivisme	19
3.1.1	Konstruktivisme in 'n terapeutiese konteks	20
3.1.2	Die terapeutiese paradoks as 'n konstruk	21
3.2	Die sisteemteorie	21
3.2.1	Sirkulariteit	22
3.2.2	Organisasie	22
3.2.3	Otonomiteit	23
3.2.4	Struktuur	23
3.2.5	Geheelheid	24
3.2.6	Equifinaliteit	24
3.2.7	Konteks	25
3.2.8	Simmetriese en komplimentêre verhoudinge	25
3.3	Kubernetika	26
3.3.1	Eenvoudige kubernetika	26
3.3.2	Kubernetika van kubernetika	27
3.3.3	Dubbele beskrywing	28
3.3.4	Definisie van 'n kubernetiese sisteem	29

4.	Paradokse binne 'n psigoterapeutiese konteks	32
4.1	Historiese agtergrond van die terapeutiese paradoks	32
4.1.1	Die teorie van logiese tipes	32
4.1.2	Die "Double Bind" teorie van kommunikasie	35
4.2	Rasionaal van die aanwending van paradoks in terapie	36
5.	Paradokse in 'n pragmatiese raamwerk	38
5.1	Die paradoks as tegniek in terapeutiese skole	38
5.2	Die strategiese skool	39
5.2.1	Teoretiese raamwerk	39
5.2.2	Die strategiese paradoks	40
5.2.3	Praktiese benutting van die paradoks	41
5.2.3.1	Paradoks wanneer kind as simptoondraer aangebied word	41
5.2.3.2	Die "aansteekbare aard" van simptome	42
5.2.3.3	Die blinde man	42
5.3	Die strukturele skool	42
5.3.1	Teoretiese raamwerk	43
5.3.2	Die strukturele paradoks	45
5.4	Die milaanskool	45
5.4.1	Teoretiese raamwerk	45
5.4.2	Die milanese paradoks	48
5.	Gevolgtrekking	50
<b>Hoofstuk 3: Uiteensetting van die aksienavorsing</b>		<b>52</b>
1.	Inleiding	52



2.	Die verwysing en inligting verkry tydens die verwysing	53
3.	Siklus I	55
3.1	Voorsessie (Beplanning)	55
3.2	Middelsessie (Aksie)	56
3.3	Na-sessie (Reflektering)	69
4.	Siklus II	71
4.1	Voorsessie (Beplanning)	71
4.2	Middelsessie (Aksie)	73
4.3	Na-sessie (Reflektering)	84
5.	Siklus III	85
5.1	Voorsessie (Beplanning)	85
5.2	Middelsessie (Aksie)	87
5.3	Na-sessie (Reflektering)	92
6.	Die terminering van die gesinsterapie	94
7.	Gevolgtrekking en slot	94

***Hoofstuk 4: Slotopmerkings en aanbevelings aangaande die terapeutiese paradoks***

**95**

1.	Inleiding	95
2.	Literatuurstudie	95
3.	Die aanwending van paradokse in die gesinstherapie-praktyk	96

4.	Die punktuering van die strukturele, sowel as die teen-paradokse	96
5.	Paradokse en die kompliment van stabiliteit en verandering	97
6.	Verspeelde geleenthede	99
7.	Aanbevelings	99
8.	Slotopmerkings	101
	Bronnelys	103

### ***Lys van grafiese voorstellings en tabelle***

Figuur 1:	Die drie siklusse van aksie-navorsing	8
Figuur 2:	Voorstelling van paradokse in konteks	15
Figuur 3:	'n Kuberntiese sisteem	30
Figuur 4:	Terapeutiese verandering	31
Figuur 5:	Intervensies as betekenisvolle geraas	31
Figuur 6:	Genogram	53
Figuur 7:	Aanvangsitreëling van die Roux-gesin	57
Figuur 8:	Gesinsbeeldhou (1)	66
Figuur 9:	Gesinsbeeldhou (2)	67
Figuur 10:	Gesinsbeeldhou (3)	68
Figuur 11:	Sitreëling (sessie 2)	74
Figuur 12:	Gesinsbeeldhou (4)	79
Figuur 13:	Gesinsbeeldhou as intervensie	83
Figuur 14:	Sitreëling (sessie 3)	87
Figuur 15:	Tabulering van paradokse	96

# HOOFSTUK 1

## **ALGEMENE INLEIDING TER BESPREKING VAN DIE OMVANG VAN DIE STUDIE.**

"But who has to change? The others of course! But which change should they make? It's so simple: they should not be what they are!" (Palazzoli, Boscolo, Cecchin & Prata, 1975:36).

### 1. Inleiding

In die uiteensetting van hierdie studie, word die term paradoks as 'n teoretiese konsep beskou, wat nut inhou vir die gesinsterapie-praktyk. Dit het spesifiek betrekking op die eko-sistemies-gefundeerde-skole in die beoefening van gesinsterapie, byvoorbeeld die strategiese, strukturele en Milanese skole van terapie. Die werk van Gregory Bateson, Bradford Keeny, Jeffrey Ross, Paul Watzlawick, John Weakland, Richard Fisch, Milton Erickson, Mara Palazzoli, Gianfranco Cecchin, Luigi Boscolo, Guillian Prata, Salvador Minuchin, Humberto Maturana, word veral hier uitgesonder.

Deur die skrywers se werk en idees, het ek die sistemiese paradigma en die gepaardgaande epistemologiese verandering beleef. My denke en idees word dus altyd deur hulle geïnspireer.

Ek poog, tydens die studie, om die nuttigheid van die paradoks-tegniek vir die gesinsterapie-praktyk, te eksplloreer en aan die leser die aanwending daarvan tydens die terapeutiese proses te demonstreer.

## 1.1 Die konteks van die studie

Dié navorsing kan slegs verstaan word, as dit binne die konteks van die MA (SW) Geestesgesondheid-opleiding geplaas word. Gedurende twee jaar van studie, word kennis gemaak met die eko-sistemiese skool van denke en die gesinsterapeutiese toetreding tot menslike problematiek. Die opleiding, stimuleer 'n verandering in student se manier van dink en weet (epistemologie).

Gedurende hierdie epistemologiese reis het ek met baie konsepte en ervarings kennis gemaak. Ek sonder in dié studie, my kennismaking en ervaring van paradokse in die benutting van gesinsterapie, uit. Dit blyk dat 'n paradoks aanleiding gee tot 'n konteks waar die probleem of simptome hul krag verloor en die sisteem homself kan reguleer sonder om die probleem of simptome te benut. 'n Paradoks kan dus in metaforiese terme gesien word, as 'n persoon, wat 'n klavier instem, sodat die klank wat voortgebring word, "mooi" is. Die vals klank, word dus verander aangesien dit oorbodig is, vir die musiek wat die klavier voortbring.

Dié navorsing is in die konteks van drie terapeutiese sessies uitgevoer. Tydens die terapie, is die Milanese werksmetode gevolg: die terapeut wat tot die gesin toetree is deur 'n terapeutiese span bygestaan. Die span het bestaan uit vier lede: drie studente wat as gesinsterapeute opgelei word en 'n supervisor.

Die paradoks, sal tydens die studie ondersoek word as 'n teoretiese konsep in die konteks van 'n literatuurstudie. Hierna sal die paradoks en die benutting daarvan gedemonstreer word tydens drie gesinsterapie sessies.

## 1.2. Doelstellings van die studie

Die hoofdoelstelling van die navorsing is om die aanwending van paradokse in die gesinsterapie-praktyk, te demonstreer. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, sal die volgende aspekte in die navorsing hanteer word:

- ❖ 'n Teoretiese studie van paradokse in die gesinsterapie-praktyk (literatuurstudie: Hoofstuk 2 van die verslag),
- ❖ 'n Demonstrasie van die aanwending van paradokse, deur die beskrywing van terapie-sessies, waarin paradokse 'n rol vervul het (Hoofstuk 3 van die verslag),
- ❖ Om in die lig van die voorafgaande aanbevelings te maak, aangaande die nut en aanwending van die paradoks as 'n tegniek vir gesinsterapie.

Hierdie studie poog verder om te demonstreeer dat die paradoks dikwels reeds beskikbaar is in die gesinstruktuur van sekere gesinsisteme. Dit is dus deel van die reëls van die kommunikasie waardeur interaksie patrone gereguleer word. As dit dus as sulks, deur byvoorbeeld 'n terapeut, gepunktueer word, kan dit die intervensies in die terapie rig. Deur 'n paradoks byvoorbeeld te herformuleer, kan 'n betekenisvolle rigting in terapie gestimuleer word. (Watzlawick, Weakland & Fisch, 1974:92) Die gesin speel dus 'n aktiewe rol in die navorsing aangesien die aanwending van paradokse uit die terapeutiese interaksie gespruit het.

Aangesien die studie onderneem word binne die eko-sistemiese raamwerk, sal die navorsing ook poog om die paradoks te koppel aan die komplementariteit van stabiliteit en verandering. Ek poog dus om die sistemiese nut van die paradoks, te eksploreer.

Dit is nie die doel van die navorsing om een paradoks tot alle gesinne wat aanmeld vir terapie, te veralgemeen nie. Die paradoks-genererende proses in die terapeutiese sessies, kan wel nuttig wees in die uitkenning van paradokse en die formulering van terapeutiese paradokse in gesinsterapie met ander gesinne.

### 1.3. Motivering vir die navorsingsonderwerp in subjektiewe terme

Twee konsepte blyk hier vir die studie relevant te wees en sal vervolgens aandag

geniet. Eerstens sal die konsep strukturele koppeling (Maturana in Leyland, 1988:362-364 en Maturana in Dell, 1985:12-13) aan die leser voorgehou word. Daarna word tweede orde kubernetika (Keeny, 1983:73-82) bespreek.

Alvorens die konsep omskryf word, wil ek die aanwending van die woord "subjektief" in navorsing substansieer. Die aanname dat 'n navorser objektief moet wees in tradisionele navorsing, is uit die positivistiese denke gebore. Atkinson en Heath (1984:8) definieer positivisme as: "the assumption that there is a real world which exists 'out there'..." Hierdie skrywers meld ook verder, dat die positivisme verder ook glo, dat mens hierdie realiteit kan ontdek as mens hard genoeg probeer. Hieruit kan mens dus 'n objektiewe en akkurate siening van die wêreld ontdek "soos dit werklik is"

Bateson (1979:14) darenteen huldig die mening dat objektiwiteit 'n mite is. Hy sê in die opsig, dat navorsing juis subjektief van aard is, aangesien die navorsingsvraag, hipoteses en stellings uit die navorser se subjektiewe denke geformuleer word. Subjektiviteit word dus in die navorsing benut as 'n fasiliterende bewussyn in diens van die navorsing. Von Foester (in Keeny, 1983:79) ondersteun hierdie stelling deur te vra: "How would it be possible to make a description in the first place if the observer were not to have the properties that allow him to generate such descriptions?" Enige beskrywing of stelling wat deur 'n navorser gemaak word is dus selfverwysend. Efran, Lukens & Lukens (1988:30) glo ook as konstruktiviste dat "anything can be evidence for anything". Met ander woorde, deur sekere inligting op 'n sekere manier te ondersoek, sal jy die bewys vind waarvoor jy soek.

In dié lig is dit dus duidelik dat ek, tydens die navorsing, nie objektief is nie. Die onderwerp van die navorsing, het ontwikkel uit die interaksie met die gesin wat deelgeneem het in die aksienavorsing (in hoofstuk 3 van die navorsingsverslag). Dié proses word deur Maturana beskryf as strukturele koppeling. Hy gee te kenne dat "structural coupling is the building block of all human and animal interactional systems" (Maturana in Dell, 1985:13). Dit impliseer, dat sisteme deur veral kommunikasie (wat op verskillende vlakke plaasvind) sekere idees sal genereer wat hulle dan op 'n

bepaalde manier deur interaksiepatrone (of reëls) aan mekaar sal koppel (sien Maturana in Dell, 1985:362). Dieselfde konsep geld in terme van tweede orde kubernetika (Keeny, 1983:73-87). Die waarnemer(of terapeut, of navorser) word deel van die fenomeen wat hy ondersoek. Die beskrywings en gevolgtrekkings wat die waarnemer maak, gee dus meer van sy eie realiteit en konstrakte, weer. Die waarnemer kan dus nie geskei word van die waargeneemde nie. Die eenheid wat ondersoek word is dus 'n samehangende geheel wat verbind word deur die terugvoerprosesse inherent daaraan.

Die komplekse wyse waarop strukturele koppeling plaasgevind het (met inagneming van tweede orde kubernetika) in die nagevorsde terapie sessies, was dus van so 'n aard, dat dit paradokse as 'n tema uitgesonder het. Die betrokke terapeutiese sisteem was dus in die verband paradoks-genererend.

Hierdie proses, het my oor die nut van paradokse vir gesinsterapie laat nadink en het tot dié studie gelei. As gesinsterapeut wil ek graag my kennis aangaande tegnieke verbreed, deur veral te let op die nut daarvan vir die praktyk.

#### 1.4 Die navorsingsvraag

Dié navorsing, ondersoek paradokse in die gesinsterapeutiese konteks. Om paradokse "in die algemeen" te ondersoek, sal egter te vaag en kompleks wees. Die navorsing sal dus spesifiek daarop gerig wees, om paradokse op veral twee vlakke te ondersoek: a) paradokse wat reeds in die gesinsreëls bestaan en bydra tot die pynlike samesyn, waaruit die gesin nie kan ontsnap nie (strukturele paradokse) en b) paradokse wat voortvloei uit die bogenoemde, in die terapeutiese proses, kan dus beweging of verandering impliseer (teen-paradokse). Die paradoks word deur die terapeut geformuleer en doelbewus in die terapie aangewend.

Paradokse word dus ondersoek aan die hand van die stabiliteit-verandering

komplimentariteit. Hiermee word bedoel dat die bestaande paradoks of strukturele paradoks (stabiliteit) op so 'n manier aangewend word, dat dit verandering meebring. Keeny (1983:10) sê in die verband: "cybernetics provides a complementary view of change and stability in which it is impossible to consider one without the other".

Verandering en stabiliteit is dus gekoppel, weens die sirkulêre aard van sisteme. Die eersgenoemde paradoks lei dus in sekere opsigte tot 'n pynlike vasgevangenskap (of "stuckness") terwyl die laasgenoemde paradoks tot 'n verandering kan lei soos wat die gesin se organisasie en struktuur dit toelaat.

## **2. Die konseptuele raamwerk van die navorsing**

### **2.1 Aksienavorsing**

"We can only understand our world if we are part of it, as soon as we attempt to stand outside of it, we divide and separate (Keeny, 1984:10).

'n Terapeutiese konteks word tydens die navorsing ondersoek. Terapie, is 'n aktiewe proses waarin komplekse aksies, interaksies, kommunikasie en intervensies voorkom, wat interessante konsepte vir navorsing kan genereer. In die lig hiervan, het ek besluit om aksienavorsing te volg. Reason (1994:10) sê in hierdie verband: "while understanding and action are logically separate, they cannot be separated in life: so a science of persons must be an action science."

Vervolgens sal aksienavorsing bespreek word, ten einde die relevansie en bruikbaarheid daarvan vir dié navorsing, aan die leser voor te hou.

#### **2.1.1 Definisie**



Smuts (1989:4) omskryf aksienavorsing as 'n: "intervensie in die funksionering van die ware wêreld met 'n ontleding van die effek van die intervensies."

Met hierdie definisie word verstaan, dat die aksie wat in die navorsing gevolg word, die fokus van die navorsing word. Die aksie en die navorsing is dus ineengewef om 'n eenheid te vorm. Die ontleding vind plaas, deur die subjektiewe beleving en omskrywings van die navorser, tydens die uitvoering van die betrokke aksies.

Volgens bogenoemde skrywer, vind die ontleding op drie vlakke plaas:

- 1) situasioneel: Die probleem of fenomeen word geëksploreer, binne die konteks waarin dit plaasvind. Ek ondersoek in die verband paradokse binne die terapeutiese konteks waarin dit geskied.
- 2) deelnemend: Die persone wat nagevors word, is direk betrokke by die navorsing. Die gesin, betrokke by dié navorsingsprojek, was deurlopend betrokke by die proses, waarbinne die eksplorاسie van paradokse plaasgevind het
- 3) self-evaluerend: 'n Konsep word ondersoek, ten einde die aanwending daarvan (in dié geval die benutting van paradokse in terapie) te verbeter of aan te pas.

Strydom (1996:123-124) voeg by, dat aksienavorsing 'n kwalitatiewe benadering tot navorsing volg. Dit beteken, dat gevolgtrekkings nie in syfers uitgedruk kan word nie. Tydens aksie-navorsing, kan tegnieke se nut vir terapie, dus juis die fokuspunt van die navorsing word.

Bateson (in Reason, 1984:9) is van mening dat: "the new ways of thinking, (wat sisteem denke impliseer) new ways of practice", noodsaak. Rahman (1993:91) som hierdie praktyk-gedagte op deur te sê: "By participatory action research we mean action research that is participatory, and participatory research that unites with action."

Die sistemiese denke verteenwoordig 'n dinamiese skuif weg van positivisme.


Tradisionele navorsing (wat uit positivisme geformuleer is) is dus nie versoenbaar met die sistemiese siening nie. Die aksie-navorsingsparadigma (wat wegbreek van tradisionele navorsing) kan in die alternatiewe realiteit van die sisteemteorie, inpas.

In lyn met die bovermelde stellings, redeneer Reason (1994:16) dat enige weergawe van 'n menslike storie, juis 'n storie is, niks meer nie. Hierdie storie kan egter baie nuttig wees vir die konteks waarin dit plaasvind, asook wanneer die konteks weergegee word. Dit genereer nuttige inligting, vir diegene wat hulself in 'n soortgelyke konteks, bevind.

### 2.1.2 Die drie siklusse van aksie-reflektering

Die proses van aksie-navorsing vind binne drie siklusse plaas. Dit word grafies voorgestel in Figuur 1.

Figuur 1: Die drie siklusse van aksie-reflektering:



Tydens aksienavorsing, beplan en beskryf 'n navorser 'n sekere aksie (stap 1), hy voer dit uit (stap 2) en reflekteer daarna oor die verloop daarvan (stap 3), volgens Moll, (1989:109) en Stringer, (1996:17)

Die doel van die stappe: beskryf, aksie en reflektering in aksienavorsing, word as volg gesien en toegepas. Die terapeut beskryf die probleem in die gesin. Tydens die terapie

word sekere hipoteses daargestel en dit word deur sekere intervensies getoets. Hierdie intervensies verteenwoordig aksies. Uit die aksies word beskrywinge gegenereer, waarop die proses homself herhaal.

Die terapeutiese sessies (wat tydens dié studie omskryf word), het 'n gestruktureerde formaat gevolg. Dit het begin, deur 'n voorsessie waarin die terapeut en die span saam vir die gesin beplan en 'n hipotese daarstel. 'n Middelsessie volg hierop, waar die terapeut met die betrokke gesin, in interaksie tree. Tydens die sessie, sit die span agter 'n eenrigtingglas. Hulle kommunikeer met die terapeut deur 'n telefoonstelsel wat in die terapie-kamer is. Tydens dié sessie word hipoteses getoets en intervensies geformuleer. Die na-sessie volg hierop, waar daar oor die voor- en middelsessies gereflekteer word. Nuwe hipoteses word daargestel en die terapeut se belewinge en persepsies word ondersoek (sien Palazzoli, Prata, Boscolo en Cecchin, 1975:9-17).

In die aksienavorsingsterminologie sal die proses dus so daarna uitsien:

beplanning	=	voorsessie
aksie	=	middelsessie
reflektering	=	na-sessie

In dié navorsing, word hierdie stappe in drie sessies herhaal. Die navorsing word aangepas by die konteks van die terapie, aangesien die aksie onder bespreking, die terapie verteenwoordig.

### 2.1.3 Motivering vir die soort navorsing

Moll (1989:110) beskryf aksie-navorsing as anti-positivisties en voeg by dat die tipe navorsing: "is clearly at odds with the notion of a neutral behavioural science which is so central to the mainstream experimental and diagnostic psychologies." Die uniekheid

van die individu kan nooit tot een diagnostiese model beperk word nie (Rogers, 1951:483-486).

Stringer (1996:ix) handhaaf die mening, dat veralgemenings onbruikbaar is en redeneer verder, dat aksienavorsing wat binne 'n bepaalde konteks geskied, (in plaas daarvan dat een oplossing tot alle probleme veralgemeen word) meer sinvol is. Dit genereer dus konteks-sensitiewe oplossings. Dié navorsing fokus dus op 'n spesifieke gesinsterapeutiese konteks en word dus nie tot 'n ander konteks veralgemeen nie. Die proses en gevolgtrekkings wat hier gemaak word, kan egter in 'n ander terapeutiese konteks benut word, met inagneming van die uniekheid van 'n ander konteks. Dit word dus nie bloot veralgemeen nie, maar binne 'n unieke konteks bruikbaar gemaak. Die uniekheid is dus primêr en die moontlike raakpunte, van sekondêre belang.

#### 2.1.4 Navorsingsontwerp

'n Evaluatiewe ontwerp van navorsing word nagevolg deurdat 'n wetenskaplike tegniek (terapeutiese paradokse) se doeltreffendheid in die praktyk gemeet word. Dit streef daarna om te meet wat die impak van 'n aktiviteit is (de Vos, 1984:1). Die ontwerp is ook verder kwalitatief, deurdat beskrywings voortvloei uit 'n deelnemer-waarnemer perspektief (Mouton & Marais, 1990:43). Die navorser neem deel aan die navorsingsproses en neem aktiwiteite, wat hy dokumenteer vir navorsingsdoeleindes, waar.

'n Inhoudsanalise is ook benut, deurdat paradokse binne 'n terapeutiese konteks ondersoek is. Die terapeutiese sessies is op videoband opgeneem. Die terapeutiese toetrede tot een gesin is dus intensief bestudeer en geëksploreer. Hieruit is paradokse as 'n terapeutiese tegniek erken en dit is as sulks ondersoek.

#### 2.1.5 Seleksieproseses

Doelgerigte seleksie, het tydens dié navorsing plaasgevind. Die betrokke gesin het vir terapie aangemeld en is ook as sulks vir navorsingsdoeleindes (Hofmeyer, 1995:7) gebruik. Die navorser het tydens die terapeutiese sessies bewus geraak van die feit, dat paradokse 'n sentrale tema is en het besluit om dit as sodanig te ondersoek.

#### 2.1.6 Data-insameling

Die sessies is opgeneem op videoband en was beskikbaar vir inhoudsanalise. Ek, het dus as terapeut in dié konteks opgetree en derhalwe ook as deelnemer-waarnemer. Die prosesse tydens die voor- en na-sessie, is gedokumenteer. As terapeut-navorsers kon ek ook van my eie persepsies en beskrywinge tydens die proses gebruik maak (Pinsof in Louw, 1994:19). Die terapeutiese dialoog, wat paradokse impliseer, is dus uitgesonder as eenhede vir eksplorاسie. Die terapeutiese span was ook betrokke by die proses, aangesien hulle sekere eenhede vir gesprekvoering, uitgesonder het.

#### 2.1.7 Deelnemers en konteks

'n Gesin, wat uit 'n moeder, vader en vyf kinders bestaan, is vir terapie verwys, weens die moontlikheid van seksuele molestering in die gesin. 'n Meer volledige uiteensetting van die deelnemers sal in hoofstuk 3 aan die leser voorgehou word.

#### 2.1.8 Moontlike vooroordele en leemtes van die studie

Aangesien daar heelwat inligting op die video-bande was, asook tydens die spanbesprekings, kon sekere inligting, wat dalk nuttig kon wees vir die studie, oor die hoof gesien geword het. Sekere eenhede van die terapeutiese proses is ter bespreking uitgesonder en die groter interaksionele prentjie, waarvan dit deel vorm, kan uit die oog verloor word.

## 2.1. 9 Aannames relevant aan die studie

- Dat 'n gesin wat aanmeld vir terapie, binne 'n sekere teoretiese raamwerk geëksploreer kan word,
- dat sekere veranderinge binne terapie waarneembaar is,
- dat die betekenis wat die intervensies vir die gesin het, weergegee kan word.
- dat strukturele paradokse sal respondeer op terapeutiese paradokse.
- Dat sekere interaksionele patrone en gedrag as paradokse, gepunktueer kan word.

## 3. **Begripsomskrywings**

In hierdie afdeling sal 'n aantal begrippe, wat relevant is aan die onderwerp ter sprake, omskryf word. Hierdeur word gepoog om konsepte se betekenis weer te gee, soos dit binne die verslag benut word. Die konsepte word in alfabetiese volgorde voorgehou.

### 3.1 Gesinsterapie

Gesinsterapie is 'n skool van denke wat uit die algemene sisteemteorie gebore is. Dit is dus nie net bloot terapie met individue in 'n gesin nie, maar verteenwoordig 'n kreatiewe wetenskap binne die psigo-terapeutiese veld.

Madanes (1981:3) noem in dié verband, dat die insluiting van al die lede van 'n gesin, revolusionêr is. Die sosiale milieu, eerder as die individu, word as die eenheid vir terapie benut. Sy is verder ook van mening, dat terapie meer relevant is, as dit die sosiale milieu insluit. In gesinsterapie word gebeure dus binne die konteks waarin dit geskied, hanteer (Papp, 1983:7).

### 3.2. Konstruktivisme

'n Skool van denke, wat verwys na die benadering, waar kennis as die skeppings van 'n aktiewe organisme, in interaksie met sy omgewing, gesien word (Efran, Lukens & Lukens, 1988:28).

### 3.3. Kubermetika

'n Wetenskap wat deel vorm, van die studie na patroon en organisasie binne sisteme. Kubermetiese beskrywing, vereis dat prosesse, binne die raamwerk van dubbelbeskrywings omskryf word, met ander woorde verandering kan slegs met inagneming van stabiliteit omskryf word. (Keeny, 1983:6,71).

### 3.4. Paradoks

Watzlawick (1967:188-189) definieer 'n paradoks as: "a contradiction that follows correct deduction from consistent premises." Daar lê dus 'n teenstrydigheid in 'n paradoks opgesluit. In dié teenstrydigheid lê die krag van paradokse, veral wanneer dit in terapie benut word. 'n Mens kan nie 'n paradoks gehoorsaam nie, want in die navolging daarvan, oortree mens die reëls daarvan.

### 3.5. Punktuasie

Watzlawick (1967:43) definieer 'n punktuasie as die proses van betekenistoekenning aan 'n sekere gebeurtenis. Deur hierdie punktuasie-prosesse gee 'n mens betekenis aan jou wêreld soos jy dit sien en beleef.

### 3.6. Sisteemteorie

Die wetenskap wat die sisteem sien as: "a closed system, or more radically still, one which from the point of view of the system itself, is entirely self-referential and has no outside (Keeny, 1983:82-83).

### 3.7. Terapeutiese tegniek

Paradokse, verteenwoordig 'n tegniek in die terapeutiese interaksie. Dit is dus nie die terapie opsigself nie. Dit kan in sekere terapeutiese situasies, nuttig wees.

Minuchin (1981:1-4) is van mening, dat tegniek "implies craftsmanship, attention to detail, concern with the product's function and investment in results", is. Hy voeg egter by, dat terapeutiese tegnieke, probleme teweeg kan bring. Hy is van mening dat tegniek alleen nie genoeg is om sukses in terapie mee te bring nie. Deur net op tegniek te fokus, kan mens die gesin mislyk. Keeny (1983:188) ondersteun die stelling, deur aan te voer, dat 'n gestandaardiseerde "bag of tricks", gevaarlik kan wees en tot hoër ordes problematiek kan lei.

## 4. ***Uiteensetting van die verslag***

Hoofstuk 1: 'n Beskrywing van die studie en die omvang daarvan.

Hoofstuk 2: 'n Uiteensetting van paradokse in die konteks van 'n literatuurstudie.

Hoofstuk 3: 'n Beskrywing van die aksie-navorsingsproses.

Hoofstuk 4: Slotopmerkings oor die terapeutiese paradoks.




## HOOFSTUK 2

### PARADOKSE IN KONTEKS

"Only if you were not who you are can I be what I am not, but what I should have been. To help me you don't have to do anything, it wouldn't help anyway. In order to really help me you should really be what you should have been." (Palazzoli, Prata, Cecchin & Boscolo, 1975:36)

#### 1. *Inleiding*

Figuur 2: Grafiese voorstelling van paradokse in konteks:



Die hoofstuk poog om die paradoks in twee epistemologiese, wat geheel voorstel, te omskryf. Die denkraamwerke en teorieë waaruit die paradoks ontwikkel het as 'n tegniek, word hieruit uiteengesit. Dit bestaan dus uit 'n meer omvattende entiteit as paradokse per se. (Dit is van 'n hoër logiese orde). Die pragmatiese epistemologie bestaan uit verskeie entiteite, wat in die geheel

voorkom. Een van hierdie entiteite is die paradoks-binne-terapie. Dit is 'n tegniek en funksioneer op 'n laer logiese orde.

Dit wil voorkom asof 'n paradoks verskillende realiteite kan voortbring, afhangend van byvoorbeeld die terapeut en gesin se punktuasie daarvan. Dit het byvoorbeeld die vermoë om pynlike patrone van interaksies in 'n gesinsisteem instand te hou. Dit geskied veral weens die punktuasies van die deelnemers in die betrokke interaksies. Dit kan in die opsig ook in terapie paradoksaal instand hou, wat die kliënte in terapie wil verander. Weens die aard van 'n paradoks, is dit dikwels vir die individue wat daarin vasgevang word moeilik (en selfs onmoontlik) om te beseef dat hulle in 'n situasie vasgevang is, waar die dubbelsinnige aard van die interaksionele reëls, moeilik is om van te ontsnap. Die paradoks hou dus 'n patroon van interaksie instand.

'n Verdere paradoks is egter moontlik. Dit word gepunktueer in terme van die terapeutiese waarde wat dit moontlik vir 'n gesin (en terapeut) kan inhou. Dit hoef egter nie uit die verhouding tussen 'n gesin en terapeut gebore te word nie. Aangesien 'n sisteem selfregulerend is (ook genoem outonomieit, Keeny, 1983:84, "autopoiesis", Maturana in Leyland, 1988:339) kan hy self die terapeutiese (of verandering-stimulerende paradoks) teweeg bring. Dit beteken dat die sisteem self sy organisasie en struktuur bepaal en by implikasie ook sy eie stabiliteit en verandering.

'n Aspek wat my verbeelding geprikkel het tydens die literatuurstudie van paradokse, is die feit dat paradoksale intervensies terapeutiese veranderinge by gesinne meebring. Papp (1983:3) is van mening dat paradokse mense uit die patrone waarin hulle vasgevang voel lig, deur 'n afwyking in 'n ander rigting. Die verandering kan binne 'n betreklike kort tyd plaasvind.

Hierdie hoofstuk fokus op die paradoks wat vir terapie relevant is. Ten eerste word die teoretiese uitgangspunte, onderliggend aan die totstandkoming van paradokse, bespreek. In hierdie lig word daar gefokus op denkrigtings waarin die paradoks as terapeutiese tegniek pas.

Die sisteemteorie, kubernetika en konstruktivisme, geniet hier kortliks die aandag. Hierna sal paradokse aan die hand van die historiese agtergrond en die rasionaal vir die aanwending daarvan in terapie, bespreek word. Die terapeutiese modelle wat paradokse sistemies benut, naamlik die Milaanskool, Strategiese skool en die Strukturele skool, word dan bespreek. Hier word die paradoks in die praktyk dus beskryf.

## **2. Teoretiese raamwerk waarbinne die paradoks benut word**

Paradokse kan baie nuttig in die terapeutiese praktyk aangewend word. Dit word benadruk dat dit net tegniek in die terapie-praktyk verteenwoordig en nie terapie opsigself nie.

### **2.1 Die paradoks se posisie binne psigoterapie**

Keeny & Sprenkle (1982:2) bespreek die verskil duidelik in hulle analise van die pragmatiese en estetiese denkraamwerk. Volgens die skrywers poog die pragmatiese teorie om aspekte in beheerbare brokkies te verdeel. Die estetikus poog daarenteen, om sensitief vir die geheelheid van en kompleksiteit in sisteme te wees. Hierdie twee posisies verteenwoordig dus verskillende vlakke in 'n logiese orde - die estetiese is van 'n hoër orde as die pragmatiese. Die estetiese teorie neem dus 'n meta-posisie oor die pragmatiese standpunt in. Paradokse behoort tot die laasgenoemde posisie. Deur die aanwending van paradokse, moet die terapeut dus nie die groter ekologie uit die oog verloor nie.

Keeny (1983:110) is van mening dat taal 'n ekologiese lem is. Aangesien paradokse dikwels in taalvorm weergegee word, kan dit die groter patroon verbloem. Kubernetika poog om patrone van alle kante in ag te neem. 'n Paradoks moet dus nie die beginsel

vervang nie. Weereens sal paradoks in 'n laer orde van logika as kubernetika val.

Keeny & Sprenkle (1982:2-3) voeg by, dat die ekologiese idees onderliggend aan ons planne (of intervensies) belangriker is as die planne opsigself. As ons dus 'n intervensie formuleer, is 'n terapeutiese paradoks een van die tegnieke wat gekies kan word, afhangend van die ekologie van idees binne die gesin.

Bateson in Keeny & Sprenkle (1982:5) is in die verband van mening dat : "theory is becoming available to action-orientated people whose first impulse is to 'take it to the wards and try it. Don't waste years trying to understand the theory. Just use whatever hunches follow from it'. Such people are likely to be frustrated and their patients hurt. Theory is not just another gadget that can be used without understanding."

Alvorens 'n paradoks dus benut word, behoort die teorie daaragter verstaan te word. Dit maak dus sin dat die verslag eers die teorieë voorhou, aangesien hulle 'n primêre posisie inneem. Die teorie het tot die ontwikkeling van paradokse gelei en moet in die konteks verstaan word. Ek verloor dus nie die estetiese perspektief deur 'n fokus (vir die doel van die navorsing) op 'n pragmatiese konsep nie. Die groter geheel word eers ondersoek, alvorens 'n deel daarvan uitgesonder word. Die kompleksiteit van die mens binne interaksie kan nooit tot net een terapeutiese tegniek gereduseer word nie.

Ten slotte wil ek weer vir Bateson in Stierlin (1983:418) aanhaal en wel as volg: "In such a world [of complex interconnections] the problems of control become more akin to art than to science not merely because we tend to think of the difficult and unpredictable as contexts for art but also because the results of error are likely to be ugliness."

Dit is dus duidelik dat 'n terapeut eers moet fokus op die kompleksiteit en betekenis van 'n sisteem. Die terapeut is 'n kunstenaar en moenie die estetiese uit die oog verloor nie. Die daaropvolgende bespreking vorm vir my 'n estetiese prentjie waarbinne paradokse pas. Die teorieë verteenwoordig egter baie meer as bloot paradokse.

### 3. *'n Estetiese omskrywing van die paradoks*

#### 3.1 *Konstruktivisme*

Konstruktivisme is 'n denkrigting wat betrekking het op baie velde (wetenskap, filosofie, biologie en antropologie) en het sy oorsprong in die denke van skrywers soos George Kelly, Chuang Tsu en Zukar (Wick, 1996:66) gehad. Die uitgangspunt, dat 'n mens sy eie realiteit skep, blyk sentraal aan die paradigma te wees.

Dean (1993:126) sê dan in dié verband dat: "We cannot know our reality apart from our constructions of it." Ons persepsies is dus ons eie skeppinge wat voortvloei uit ons interaksie met ons wêreld.

Konstruktivisme baseer hulle paradigma op die feit dat die mens deur alle aktiwiteite (kommunikasie, reaksies, belewenisse ens.) hulle wêreld konstrueer en dus nie die wêreld "ontdek" soos dit "regtig" is nie (Held, 1990:180). Wick (1996:69) sê in hierdie verband dat "no man can discern another's feelings better than he or has any superior right to determine whether his opinion is right or wrong."

Schrodinger in Watzlawick (1984:7) meen dat: "Every man's world-picture is and always remains a construct of his mind and cannot be proved to have any other existence."

Konstruktivisme verteenwoordig 'n komplimentêre posisie vanaf positivisme. Dit is 'n manier van dink, wees en leef op 'n ander manier, as wat positivisme dit verduidelik. Beide is dus lewensteorieë en dus nie net koue lewelose teorieë, sonder nut nie. Albei het 'n plek in die beskrywing van mense en hulle gedrag. Ek lê meer klem op konstruktivisme in die aanbieding van die studie, aangesien dit plek het vir meer uniekheid en minder veralgemenings. Die voorafgaande is belangrik in die menslike wetenskappe, weens die uniekheid van sisteme.

### 3.1.1 Konstruktivisme in 'n terapeutiese konteks

Vanuit die konstruktivistiese perspektief is terapie nie die ontdekking van 'n kliënt se probleem per se nie, maar wel die ontdekking van hoe 'n kliënt sy probleem sien. Dean (1993:132) is van mening dat die terapeut dus fyn ingestel moet wees op die kliënt se realiteit en nie net by voorbaat alles kan weet nie. Dit beteken dat 'n terapeut nie byvoorbeeld dit wat 'n kliënt sê moet verstaan volgens sy konstruksie nie, maar baie seker moet maak dat albei partye dieselfde verstaan wanneer hulle 'n sekere woord gebruik. 'n Kliënt vanuit 'n ander kultuur moet binne die konteks van sy kultuur leer ken word en nie vanuit die kulturele konstruksie van die terapeut nie.

Tydens terapie help die terapeut dus die kliënt om sy opsies vir die skepping van 'n alternatiewe realiteit te verbreed. Dit word deur die terapeut gedoen en die kliënt kies wat binne sy raamwerk pas. Held (1990:182) huldig die mening dat 'n terapeut se funksie daarin geleë is, dat hy alternatiewe omskrywinge van die probleem by die kliënt uitlok. Die alternatiewe vloei voort uit die kliënt se kennis en strukture - die terapeut kan nie hierdie funksie oorneem nie. Dit beteken dat nuwe betekenis binne die kliënt se taal en manier van dink pas en dat die alternatiewe, sy idees is. Met ander woorde, in plaas daarvan om op 'n traumatiese episode te fokus, lok die terapeut 'n verdere beskrywing uit, wat dit makliker vir die kliënt maak, om dit te verwerk. Die fokus van terapie lê dus daarin dat die kliënt se belewing van sy realiteit in die terapeutiese verhouding, ondersoek word. Dit beteken dat die terapie in die kliënt se taal of konstruksie plaasvind. Die kliënt is dus die deskundige in wat in sy lewe aangaan en hy bepaal die doelwitte van terapie.

Dit beteken by implikasie dat 'n realiteit wat gekonstrueer word volgens sekere beginsels, veranderbaar is. Daar bestaan dus alternatiewe beskrywings wat vir die kliënt minder pyn kan inhou.

### 3.1.2 Die terapeutiese paradoks as 'n konstruk

'n Paradoks is dus nie 'n realiteit nie, maar wel 'n konstruksie van die realiteit, volgens konstruktivisme. Die konstruksie vloei voort uit die interaksionele proses tussen die kliënt en terapeut.

Die konstruktivis sal dus 'n paradoks sien as die manier waarop 'n alternatiewe konstruksie/persepsie kan evolueer. Die alternatiewe konstruksie kan die kliënt instaat stel om op 'n "ander" manier na die probleem te kyk, wat inderdaad genesend kan wees.

Die manier waarop die kliënt dus na 'n probleem kyk, lei na die pynlike doodloopstraat en dus nie die probleem per se nie. Die probleem is dus nie 'n werklikheid buite die persoon se beheer nie. Die persoon skep die probleem deur sy spesifieke persepsies daarvan. Deur dit dus op 'n ander manier te konseptualiseer of die prosesse wat tot die spesifieke konstruksie lei so te wysig, kan die houvas wat die probleem het, verdwyn. Byvoorbeeld as die kliënt voel hy is 'n slagoffer van 'n probleem soos bulimie, kan die terapeut die probleem herformuleer, dat die kliënt elke dag R10-00 se kos in die toilet te laat afspoel, sonder om dit op te eet en dan te vomer. Insteede daarvan dat die kliënt 'n slagoffer word van haar probleem, neem sy nou verantwoordelikheid en kan derhalwe in beheer voel (Haley, 1973:83).

### **3.2 Die sisteemteorie**

Die sisteemteorie is 'n ryk, kreatiewe teorie van idees. Die sisteemteorie is baie meer as wat die konsepte hieronder suggereer. Die voorgehoue beginsels funksioneer as 'n onafskeidbare geheel en moenie as onafhanklike entiteite gesien word nie. Dit word voorgehou as deel van die estetiese raamwerk, waarbinne terapeutiese paradokse moet pas, binne die pragmatiese veld van tegniek. Wanneer 'n paradoksale intervensie ontwikkel word, moet dit die volgende beginsels ingedagte hou.

### 3.2.1 Sirkulariteit

In terme van die beginsel is elke organisme binne 'n sisteem beide die begin en die einde van 'n sirkel (Watzlawick, 1967:46).

Dit is dus sinneloos om te vra: Waar het dit begin? Deur wie? of Hoekom? 'n Sisteem is op so 'n wyse verbind, dat die vrae irrelevant is. By implikasie beteken dit dat een lid in 'n gesin nie as psigoties gesien kan word nie. Die gedrag is gekoppel aan 'n sisteem se interaksionele reëls. Mens vra eerder: Is die individu psigopatologies of lê die psigopatologie in die interaksionele reëls?

Bateson sluit hierby aan (1979:30) deur te meen dat die sogenaamde oorsake van gedrag, 'n sekondêre posisie inneem. Die simptoem kan slegs sinvol binne die sisteem waarin dit plaasvind, waargeneem word. Die simptoem word dus gesien as 'n reël binne die interaksionele spel. Die simptoem vind by implikasie in 'n bepaalde konteks plaas. 'n Paradoks kan dus gemik word op die interaksionele reëls.

### 3.2.2 Organisasie

Volgens Maturana (1975:315) impliseer die verwysing na 'n gesin se organisasie die "instrumental participation of the components in the constitution of the unity, it refers to the relations between components which define a system as a unity."

Anders, gestel impliseer die organisasie die self (kern/hart) van 'n sisteem. Die organisasie van 'n sisteem kan nie verander word nie as dit verander, kan die sisteem nie meer bestaan nie. Keeny (1983:86) ondersteun die stelling deur te redeneer dat 'n sisteem se hoogste orde van terugvoerprosesse die organisasie van die sisteem instand hou. Dit beteken dat 'n sisteem op so wyse funksioneer, dat dit die organisasie, wat definisie aan 'n sisteem gee, onderhou. Maturana (1975:318) verwys na die proses as die "autopoeisis" van 'n sisteem. Dit is dus die wyse waarop 'n



sisteem sy voortbestaan verseker.

Die sistemiese denkers voer verder, aan dat die organisasie van 'n sisteem geslote is.

Die sisteem is dus selfaangewese en onderhou homself sonder om te verwys na wat "buite" homself aangaan (Keeny, 1983:84).

### 3.2.3 Outonomieit

In aansluiting by die organisasie van 'n sisteem, maak Bateson (1979:141) melding van 'n sisteem se outonomieit. Hy gebruik die term letterlik, om te verwys dat 'n sisteem homself beheer.

Dit sluit aan dus by die organisasie van 'n gesin, maar verskil daarvan, deurdat outonomieit basies die proses impliseer van hoe 'n sisteem sy organisasie onderhou. 'n Sisteem neem dus sekere inligting in soos wat sy organisasie dit bepaal. Die proses van perseptualisering (die toekenning van betekenis aan byvoorbeeld belewenisse) impliseer dus outonomieit.

### 3.2.4 Struktuur

Die struktuur van 'n sisteem verteenwoordig die aspekte wat hulself tot verandering leen. Dit sluit persepsies, patrone, interaksie en onderlinge verhoudinge in. (Papp, 1983:7).

Maturana (1975:316) beweer dat die struktuur: "determines the space in which it exists and can be perturbed." Keeny (1983:86) sluit hierby aan, deur aan te voer dat dit die verhoudinge is wat tussen die komponente bestaan.

Die struktuur verteenwoordig dus die entiteit wat 'n terapeut mee in interaksie tydens

terapie sal tree. Maturana (1975:321) verwys daarna as 'n "plastic unity" wat dus die veranderlikheid daarvan impliseer. Die terapeutiese paradoks word dus gerig op die struktuur en spesifiek om onderlinge patrone en verhouding te wysig.

### 3.2.5 Geheelheid

Elke deel van 'n sisteem is op so wyse tot 'n ander deel verbind, dat 'n verandering in een deel tot 'n verandering in 'n ander deel sal lei (Watzlawick, 1967:123). Dit beteken dat 'n sisteem nie bloot bestaan uit onverwante dele nie, maar funksioneer as 'n onskeibare geheel. Die geheel is dus groter as die som van die dele. 'n Gesin impliseer dus meer as die som van sy lede.

Keeny (1983:139) haal Cook in die verband aan: "If there is one it is everywhere." Bateson (1974:222) voer ook in die verband aan, dat as mens na die aarde kyk, sal dit as een lewendige sel daaruit sien.

As mens die beginsel in gedagte hou, kan mens sien dat dit verreikende implikasies het. Mens kan dus nie "gesond maak" sonder om by implikasie "siek" te maak nie.

In terme van geheelheid is dit vir terapeute ook belangrik om in ag te neem, dat die gedrag van individuele lede gekoppel is aan die gedrag van ander lede in die sisteem. 'n Simptoom is dus volgens Watzlawick (1967:134) aan die ander lede se gedrag gekoppel en by implikasie dus afhanklik daarvan. Dit maak dus in hierdie verband sin, dat die hele gesin by terapie betrek sal word as een lid simptomatiese gedrag toon. 'n Gesin is dus so kompleks, dat 'n fokus op die dele alleen nie aan die kompleksiteit sal beantwoord nie.

### 3.2.6 Equifinaliteit

Weens die kompleksiteit van sisteme, kan verskillende prosesse gevolg word om dieselfde eindresultate te bereik (Watzlawick, 1967:128 & Keeny, 1983:87). Daar moet dus op die sisteem se organisasie gelet word. Die sisteem se organisasie is sy beste verduideliking.

Verskillende terapeutiese skole of tegnieke kan deur die proses tot dieselfde verandering lei. Die fokus val hier, volgens Maturana (1975:315), op die onderlinge patrone tussen lede in kommunikasie met mekaar.

### 3.2.7 Konteks

'n Fenomeen bly onverstaanbaar as die observasie nie wyd genoeg is, om die konteks waarin dit plaasvind, waar te neem nie, volgens Watzlawick (1967:20). Papp (1983:7) huldig in die verband, dat die insluiting van die gesin in sy geheel vir terapie op dié beginsel gegrond is. Bateson (1979:25) sluit hierby aan, deur te sê dat die betekenis van gegewens in die konteks waarin dit plaasvind, opgesluit is. Sonder om betekenis te hê, is alle kommunikasie betekenisloos.

### 3.2.8 Simmetriese en komplimentêre verhoudinge

Die teorie punktueer veral twee tipe menslike verhoudingspatrone. Nie een van hierdie patrone is opsigself goed of sleg nie. Dit is bloot punktuasies van patrone. Volgens Watzlawick (1967:68-69) word 'n simmetriese verhouding as sulks gepunktueer, wanneer die betrokke partye mekaar se gedrag weerspieël. Daar kom dus 'n minimale verskil tussen partye se gedrag voor. 'n Voorbeeld hiervan, kom in 'n verhouding voor, waar die een party se speelgedrag voortgesit word deur gepaardgaande speelgedrag van die ander party.

Die ander patroon word as 'n komplimentêre verhouding gepunktueer. Dit kom voor,

volgens Watzlawick (1967:68-69) wanneer die verskille in die gedrag van betrokkenes, gemaksimaliseer word. Die gedrag is dus verskillend, maar komplimenterend, byvoorbeeld: onderdanigheid en outoritêre gedrag.

As enige van hierdie patrone onverwyld voortduur, staan dit bekend as: "schismogenesis" (Watzlawick, 1967:68). Hierdie voortgesette patrone kan tot so 'n mate eskaleer, dat dit problematies kan wees. 'n Balans tussen patrone is dus noodsaaklik.


### 3.3 **Kubernetika**

Kubernetika impliseer, 'n voorgeskrewe wyse waarop patrone wat gebeurlikhede betekenis gee, bekom en omskryf word (vergelyk Keeny, 1983:95 & Bateson 1979:146). Van die kubernetiese beginsels het op die studie betrekking en sal dus as sodanig aandag geniet.

#### 3.3.1 Eenvoudige kubernetika

Patrone, en veral dié wat denkpatrone orden, is hoofsaaklik wat tot die geboorte van kubernetika gelei het.

Dit wil voorkom asof die kousale denke nie meer in wetenskaplikes se behoeftes voldoen het nie. In plaas daarvan om op 'n liniêre lyn: ---- te dink, word die inligting weer teruggevoer om 'n geslote sirkel van beheer te vorm:



Soos reeds in die vorige afdeling genoem is, reguleer die sisteem homself. Die kubernetikus noem hierdie proses, van selfregulering terugvoer. Deur 'n proses van terugvoer, word patrone vasgelê wat instand gehou word. Psigopatologie word dus nie gesien as 'n interne individuele karaktertrek nie (die sogenaamde "black box view"),

maar wel in patrone of die reëls van 'n gesinspel (die "black boxes" word dus verbind deur patrone van interaksie) (vergelyk Papp, 1983:7; Watzlawick, 1967:20 en Keeny, 1983:67). Dit impliseer 'n beweging van die menslike psige na die interaksionele patrone tussen mense. Kubermetika ontken nie die bestaan van die menslike psige nie, maar huldig die mening dat dit moeilik is om dit te verklaar en dat interaksionele patrone altyd beskikbaar is.

Volgens Wiener in Keeny (1983:66) is die manier waarop 'n sisteem beheer word, is wanneer sy terugvoer (of sy prestasie) weer aan hom teruggevoer word. As dit op die wyse prestasie reguleer, word dit eenvoudige terugvoer, genoem. Alle eenvoudige en komplekse regulasie (byvoorbeeld leerprosesse) begin by terugvoer.

Volgens Parsegian (1973:67) vind daar positiewe, sowel as negatiewe, terugvoer plaas. Veronderstel 'n sisteem word vergelyk met 'n ketting van skakels waar 'n vermeerdering van een aspek noodwendig tot die vermindering van 'n ander aspek sal lei. Die negatiewe terugvoer sal dus 'n beweging in 'n ander rigting impliseer, terwyl positiewe terugvoer impliseer, dat die huidige stand van sake sal voortduur.

Aan die hand van die bogenoemde terminologie, kan paradokse in terapie, as terugvoer gesien word. Die terapeut let dus op bestaande paradokse in die gesinsreëls, byvoorbeeld (wat as positiewe terugvoer funksioneer) en struktureer op grond daarvan, 'n terapeutiese paradoks, wat as negatiewe terugvoer sal dien. Dit beteken dat die patroon verbreek sal word. Die sisteem sal die terugvoer kalibreer, om by sy organisasie te pas. Die terapeut kan dus nie die presiese verandering voorspel nie (as daar wel verandering is).

### 3.3.2 Kubermetika van kubermetika

Die bogenoemde beginsel is, na my mening, in der waarheid baie nou gekoppel aan konstruktivisme. Dit ondersteun die gedagte dat objektiwiteit 'n mite is. Die waarnemer

is deel van dit wat hy waarneem. Die tipe terapie wat 'n terapeut beoefen, weerspieël dus 'n deel van homself (Keeny, 1983:73-87).

Vir die terapeut impliseer dit dat hy deel word van die sisteem waarmee hy in interaksie tree. As 'n kliënt se vertelling dus by die terapeut 'n sekere emosionele reaksie uitlok, kan die spesifieke emosies dalk benut word, om alternatiewe stories te formuleer. Die emosionele reaksie kan dus 'n terapeutiese begrip en beweging meebring. Vrae, soos: "In watter situasies beleef jy nog die emosie?; Watter reaksies kry jy gewoonlik?" en "Wat bied die voortsetting van die emosie vir jou?"

Terapeute kan die proses as bedreigend beleef en dus problematiek instand hou, wat hulle poog om te verander. Wanneer 'n terapeut 'n terapeutiese sisteem vorm, kan hy dus deel word van die patrone van interaksie en kan dus verandering blokkeer. Die terapeutiese span poog om dit te verhoed. Die verskil tussen eerste en tweede orde kubernetika is daarin geleë, dat die laasgenoemde aan 'n hoër orde van rekursiwiteit behoort. Kubernetika van kubernetika verwys na geheelheid, terwyl eenvoudige kubernetika beduidend is op die in - en uitvoer van sisteme in interaksie met ander sisteme (Keeny, 1983:100).

Ross & Keeny (1983:376) is van mening, dat die voorbeeld van hoër orde kubernetika daarin geleë is dat die posisie van die terapeut gepunktueer word. Hulle skryf in die verband voor dat: "the feedback organisation of therapist and client prescribed by simple cybernetics becomes the very unit of treatment." Die proses tussen kliënt en terapeut bied dus merkwaardige terapeutiese beweeglikheid. Dit wat die terapeut van die gesin beleef, kan dus vir terapeutiese verandering aangewend word.

### 3.3.3 Dubbele beskrywing

Kubernetiese teoretici is van mening dat meervoudige beskrywings tot hoër ordes in die logiese leer lei. Bateson noem dit binokulêre visie (1979:83). Deur albei persone

in 'n verhouding se omskrywings van 'n interaksie te kry, kan 'n patroon na vore tree. Hoe meer beskrywings beskikbaar is, hoe meer kan die komplekse aard van verhoudinge na vore tree, asook alternatiewe stories vir terapeutiese alternatiewe.

Die beskrywing van partye in 'n verhouding moet altyd wyer gemaak word, sodat alternatiewe denkwyses te voorskyn kom. Die terapeut moet deurlopend meer omskrywings soek, ten einde beweeglikheid in terapie te verseker.


Keeny (1983:11) meen dat: "by chopping such a recursive system into separate components, an observer breaks the pattern that obscures the view of cybernetic process." Soveel moontlik omskrywings moet dus gegenerer word, selfs al blyk dit teenoorgesteldes te wees. Alternatiewe patrone kan hierdeur na vore tree.

Die bovermelde terapeutiese paradigma verteenwoordig ook my idees. Die belangrikste van die raamwerk is, om in gedagte te hou, dat dit nie simptome/probleme/gedrag as psigopatologies beskou nie. Dit beweeg juis weg daarvan om individue, in terme van intrinsieke kenmerke, te etiketteer, maar verklaar eerder probleme in terme van patrone van interaksie. 'n Verandering in die patrone kan dus die nodige verandering op ander vlakke stimuleer, wat die problematiek sal oplos.

#### 3.3.4 Definisie van 'n kubernetiese sisteem

Volgens Keeny & Ross (1985:51) word enige kubernetiese sisteem, of dit uit 'n man en 'n boot, of 'n man en 'n vrou bestaan, as volg beskryf:

Figuur 3: 'n Kuberntiese sisteem:




Die rekursiewe komplimentariteit tussen stabiliteit en verandering, spesifiseer 'n kuberntiese sisteem. Dit beteken dat kuberntiese sisteme se patrone van organisasie stabiliteit onderhou word deur prosesse van verandering.

In hierdie lig beskou, word terugvoer gesien as die wyse waarop 'n sisteem gestabiliseer word, deur die veranderinge in te voer, wat as noodsaaklik bestempel word, weens vorige ondervindige. Hierin is die paradoks geleë tussen stabiliteit en verandering. Volgens Keeny & Ross (1985:51) gee die definisie, die terapeut die vermoë om "a glimpse of mind", in terapie te sien.

Terapeutiese verandering kan as volg voorgestel word (Keeny & Ross, 1985:51):



Figuur 4: Terapeutiese verandering:




Die sisteem se gegewe verandering by (2) is meer aanpasbaar as by (1). Tydens terapie is 'n sisteem dus op soek na 'n meer aanpasbare manier van verandering.

Die skrywers puntueer "a meaningful noise" as deel van die terapeutiese veranderingsproses. Hierdie term impliseer dat die terapeut iets voorhou, wat deur die waarnemende sisteem as betekenisvol gekonstrueer word. As 'n kliënt dus glo dat daar iets betekenisvol is, in wat 'n terapeut sê, sal hierdie geloof hom help om iets betekenisvol te konstrueer. Die betekenisvolle geraas kan metafore, gesinsgeskiedenis, mites en paradokse insluit.

Hierdie definisie kan as volg voorgestel word:

Figuur 5: Intervensies as betekenisvolle geraas:



Die betekenisvolle geraas - idee is versoenbaar met Bateson (1979:81) se idee van "difference is information." Dit impliseer dat die intervensie moet poog om 'n verskil te genereer, sodat die gesin daardeur gefassineerd sal wees en dit sal toepas.

#### 4. ***Paradokse binne 'n psigoterapeutiese konteks***

Wat maak mens met 'n paradoks in terapie? Of meer spesifiek: watter paradokse is nuttig vir terapie? Die afdeling sal gewy word aan die bespreking en analise van paradokse. Paradokse se tersaaklikheid vir die, wat in ag geneem behoort te word, wanneer dit in die terapeutiese praktyk aangewend word. Plug et al. (1986:264) definieer 'n paradoks as "'n stelling of situasie wat selfweersprekend is, of 'n toestand wat oënskynlik inkongruente of onverenigbare elemente bevat." Die tersaaklikheid daarvan vir die terapeutiese praktyk lê in die teenstrydige aard daarvan. As mens 'n paradoks navolg, oortree jy dit. Vervolgens word daar gekyk hoe die gebruik van paradokse in terapie ontwikkel het.

##### 4.1 Historiese agtergrond van die terapeutiese paradoks

Ek gaan op twee konsepte, wat bydra het tot die totstandkoming van die terapeutiese idee, fokus. Hierdie konsepte plaas ook verder die paradoks in 'n teoretiese raamwerk. Hierdie teoretiese konsepte sluit die teorie van logiese tipes van Gregory Bateson en die "double bind" teorie van kommunikasie in.

##### 4.1.1 Die teorie van logiese tipes

Die teorie van logiese tipes kan op baie aspekte van die alledaagse lewe toegepas word. Die navorsing gaan egter slegs aandag gee aan die relevansie van logiese tipes in interaksionele terme (wat dit dan ook op die terapeutiese praktyk van toepassing

maak.)

Bateson (1979:128) maak hiervan melding, deur te meen dat daar verskillende vlakke in die veld van menslike kommunikasie voorkom. Die boodskap en die konteks is hier van belang. Die konteks gee aan die boodskap betekenis en konteks is dus van 'n hoër logiese tipe.

Kommunikasie tussen mense verteenwoordig 'n logiese tipe. Wanneer mense praat oor die tipe kommunikasie wat hulle benut, staan dit bekend as meta-kommunikasie. Meta-kommunikasie is van 'n hoër logiese tipe.

Kommunikasie word dus in verskillende vlakke van logiese ordes verdeel. Die een is nie meer of minder belangrik as die volgende een nie. Hulle behoort slegs aan verskillende ordes in terme van 'n leer. Mens moet dus kyk na boodskappe in terme van die vlakke waartoe hulle behoort.

Bateson (1979:129) verklaar byvoorbeeld die volgende vlakke. Hy sien 'n eerste orde in terme van dit wat binne-in 'n persoon is. 'n Tweede orde sal patrone tussen individue verteenwoordig. 'n Derde orde sal die waarnemer se omskrywinge of punktuasies wees.

Watzlawick (1974:6-7) is van mening dat die klassifikasie van 'n logiese tiperingsstelsel daarin lê, dat "a class cannot be a member of itself." Keeny (1982:29) voeg by dat "paradox can arise when a frame of reference is confused with the items within its frame."

Bateson (1979:132) gee 'n verdere voorbeeld ten einde logiese tipes te verduidelik. Hy is van mening, dat die honde in Pavlov se eksperiment, verwar is deur logiese tipes te verwar. Tydens die eksperiment word klokke gelui, elke keer as die honde gevoer word. As respons, skei die honde speeksel af wanneer hulle die klokke hoor lui, aangesien hulle weet dat hulle gevoer gaan word. Die produksie van speeksel duur voort

wanneer hulle klokke hoor, selfs al kry hulle nie na die klokke kos nie. Uit die eksperiment het die Behaviouristiese skool van sielkunde afgelei, dat gedrag aangeleer word deur sekere stimulus en response. Eers word daar in die uitvoering van die eksperiment op die hond se diskriminasie tussen twee stimuli (die kos & die klokke) gefokus. Die hond se vermoë tot diskriminasie stort egter ineen. Die eksperimenteerder se tiperingsfout lê daarin, dat hy een spesifieke stelling aangaande 'n situasie van wat gesien kan word, na 'n veralgemening, wat op 'n meer abstrakte inhoud het, te baseer. Die hond se diskriminasie kan gesien word, maar nie sy interne diskriminasie-kapasiteit (wat meer abstrak is) nie.

Bateson verduidelik verder dat (1979:135) "a convenient indicator of logical typing is the reinforcement system to which a given item in our description of behaviour will respond. Ways of organising simple actions... do not obey simple reinforcement rules." Verskillende vlakke in kommunikasie moet dus as sodanig hanteer word. Die verwarring daarvan, kan paradokse stimuleer, wat pynlik vir die betrokkenes kan wees.

Die teorie van logiese tipes, fokus nie op die verhouding tussen die lede van 'n klas soseer nie, maar wel op die verhouding tussen lede en klas en die verwisseling van een orde na 'n volgende orde.

So kan 'n persoon wat 'n nagmerrie het, verskillende reaksies hê. Hy kan ruk, skreeu, wegkruip ensovoorts in sy droom. As hy kan wakker word en sy droom termineer, betree hy 'n hoër orde van verandering (Watzlawick, Weakland & Fisch, 1974:66).

Ek sal ten slotte die "wees spontaan" paradoks aan die leser voorhou. 'n Analise van die paradoks sal in terme van logiese orde, soos ek dit verstaan, aan die leser voorgehou word. As 'n persoon 'n ander bevel om spontaan te wees, formuleer hy 'n paradoks. Die bevel sê in effek, dat die navolging van die bevel self gemotiveerd moet wees. ('n Navolging daarvan impliseer dat dit "on gehoorsaamheid" is, aangesien spontaniteit spontaan is en nie bevel of geskep kan word nie.) Die bevel kom dus van 'n eksterne bron. Hierdie stelling sluit 'n klas van reëls in en funksioneer dus as 'n lid

van homself op homself (Watzlawick, 1974:66).

#### 4.1.2 Die "Double Bind" teorie van kommunikasie

Die teorie is uit navorsing wat in terme van die sogenaamde skisofreniese individu gedoen is, ontwikkel. Dit fokus op die interaksionele sisteem, waarvan die skisofreen deel is. Plug et al. (1979:332) definieer skisofrenie in 'n persoon, wanneer daar onsamehangende spraak en denke by die individu voorkom. Daar kom ook hallusinasies voor en die persoon se emosie is afgestomp. Die bestanddele van die "double bind" is volgens Sluzki (1976:112-113) as volg:

- 1) Daar is minstens twee persone betrokke in 'n intense verhouding, waarin die emosionele en/of fisiese oorlewing van die een persoon van die ander een afhang ('n ouer-kind-verhouding kan dalk as voorbeeld dien);
- 2) In dié konteks word boodskappe gestuur wat 'n drieledige kern het:
  - a) dit maak op iets aanspraak;
  - b) dit maak aanspraak op die navolging daarvan en
  - c) die voorvermelde aansprake is teenstrydig met mekaar en sluit mekaar uit.
- 3) Die ontvanger van die boodskap kan nie die boodskap ignoreer of onttrek nie. Hy is ook nie in staat om die teenstrydige aard van die boodskap aan die sender terug te voer nie (in terme van meta-kommunikasie - kommunikasie oor kommunikasie). Dit beteken dat die persoon nie aan die sender kan sê dat die boodskap paradoksaal is nie. Hy kan dus nie sê: "maar die boodskap maak nie sin nie."

Die persoon moet reageer en sy gedrag speel dus die intrinsieke teenstrydigheid van die boodskap uit. Die gevolg daarvan is dikwels 'n psigiatriese etiket, omdat gedrag dalk buite die konteks, waarin dit plaasvind, as bisar gesien kan word. 'n "Double bind" lei dus tot paradokse in gedrag en kommunikasie.

Die bovermelde perspektiewe bied 'n teoretiese raamwerk vir die paradokse, wat in 'n gesinsisteem bestaan, wanneer hulle vir terapie aanmeld. Die terapeut (wat hiervan onbewus is) kan in die simmetrie van paradoks-formulering vasgevang word. Deur die sisteem in die terme te ondersoek, kan patrone van 'n paradoksale spel na vore tree wat deur 'n intervensie onderbreek kan word.

#### **4.2 *Rasionaal vir die aanwending van 'n paradoks in terapie***

Paradoksale patrone teenwoordig in 'n gesin, is dikwels 'n moeilike en pynlike proses om te verander. Die kliëntsisteem meld dikwels aan vir terapie, met die hoop dat dit met so min moontlik pyn sal gepaard gaan. Die proses van verandering ruk mens egter dikwels uit jou stabiliteit. Die paradoks laat 'n keuse: bly of dieselfde (en verduur die pyn) of verander (en verduur andersoortige, korttermynpyn). Die paradoks word ook dikwels so geformuleer, dat 'n deel daarvan stabiliteit impliseer, terwyl die ander deel verandering voorstel. Paradokse spreek dus, beide stabiliteit en verandering binne 'n sisteem, aan. Die kubernetiese komplimentariteit word dus aangespreek. Die kliënt kan dus tot 'n sekere mate aan "iets vashou", terwyl hy iets "laat gaan".

Bloom in Leyland (1988:357) stel die paradoks as tegniek vir terapie voor. Hy voeg by dat "in offering effective help we must always draw upon distinctions that can influence our thinking and guide our actions." Paradoks impliseer vir my beweging, omdat dit alternatiewe denkwyses kan stimuleer.

Die belangrikheid van die generering van verskille word deur Bateson (1979:37) voorgehou, as die enigste wyse waarop inligting oorgedra kan word. Hy voeg in die verband by, dat: "All receipt of information is necessarily the receipt of news of difference." 'n Paradoks kan verskille genereer, wat vir 'n spesifieke gesin dit moontlik sal maak om te verander.

'n Paar aannames spruit uit die bovermelde. Eerstens kan 'n terapeut nie 'n verskil

maak, as hy die kliënt se persepsies onveranderd terugvoer of sy eie persepsies aan die kliënt probeer verkoop nie. Die een verteenwoordig te min verskille, terwyl die ander moontlik te veel mag wees. Die terapeut wil 'n verhouding terapeuties maak. Die aanwending van paradokse op die regte tyd, kan dus sin maak.

Watzlawick, Weakland & Fisch (1974:82-83) praat in hierdie verband van 'n konsep, wat hy tweede orde verandering noem. Hy is van mening dat mense dikwels hulle probleme probeer oplos, deur gesonde verstandpogings. Die pogings is egter nie sinvol nie, aangesien menslike problematiek dikwels komplekse, onlogiese kerne vir die mense wat dit beleef, het. Hierdie "oplossings" lei tot meer komplekse probleme, aangesien dit meer probleme van 'n hoër orde stimuleer. Die oplossing word dan as't ware die probleem. Hy noem dit "more of the same"-pogings tot probleemoplossing (Watzlawick, 1967:84).

Volgens die skrywer blyk die tweede orde verandering dikwels, "weird, unexpected and uncommonsensical", te wees (Watzlawick, 1967:85). Daar blyk dus 'n paradoksale element in die proses van verandering te wees.

Weens die onlogiese, onverklaarbare aard van sommige problematiek, kan dit nie deur logika opgelos word nie. Paradokse in 'n terapeutiese opset, kan dus binne die raamwerk baie sin maak. Dit maak daarvan gebruik om die onlogiese aard, wat in sekere problematiek opgesluit lê, te laat eskaleer, totdat die voortsetting van die probleem absurd raak.

Don Juan in Keeny (1983:7-8) voeg by, dat "we can never relinquish our crummy control voluntarily, thus we have to be tricked." Hy verduidelik dat om iemand te kul, sy aandag afgelei moet word of hy moet letterlik onverhoeds betrap word. Beide die skrywers is dit eens, dat paradokse die kapasiteit het om die funksies te vervul. Paradokse tree op 'n indirekte wyse toe en spreek ware aspekte op 'n meta-vlak aan. Paradokse behoort dus in hierdie opsig aan 'n hoër vlak in die logiese tipering.

Haley (1973:23) is van mening, dat die impak van 'n paradoks vergelykbaar is met 'n ligte staat van hipnose. Die impak is deur die verandering wat dit het op die gedrag waarneembaar.

'n Kliënt voel dikwels geviktimizeer deur hulle interaksionele raamwerk. Hulle lei sielkundig daaronder, omdat hulle response kry wat hulle nie kan verklaar nie. Young en Beier (1989:263) stel in hierdie verband a-sosiale gedrag by die terapeut voor. Eerder as om gedrag instand te hou, maak die terapeut stellings (wat paradokse insluit) van 'n a-sosiale aard, om verandering te genereer. 'n Kliënt kom in 'n sessie in en sê dat hy gister wou selfmoord pleeg. (Hy doen dit byvoorbeeld om aandag te kry en dan te kla oor die aandag wat hy kry). 'n Sosiale respons sal wees: "O genade hoekom?" 'n A-sosiale respons sal wees: "O...vertel my meer..."

'n Kliënt kan ook in 'n sessie sê, hy voel dat die terapie nêrens heen gaan nie. 'n Sosiale respons sal wees, as die terapeut vra hoe hy dit beter kan maak, of wat fout is. 'n A-sosiale respons sal wees, of die kliënt voel dat hy die terapie wil termineer.

Dit is uit die bogenoemde duidelik, dat daar nut in paradokse steek. Die paradoks word gebruik op die verandering/stabiliteit komplementariteit van die sisteem, ten einde die verlangde verandering teweeg te bring. Die terapeut benut dit, wat op die gegewe oomblik, die beste vir die kliënt is. As paradokse nie sinvol vir die kliënt is nie, moet hy sy terapeutiese strategie daarvolgens wysig.

## **5. *Paradokse in 'n pragmatiese raamwerk***

### **5.1 Die paradoks as tegniek in terapeutiese skole**

Aangesien die aanwending van paradokse 'n praktiese taak impliseer, wil ek vervolgens die benutting daarvan aan die leser voorhou. Dit sal gedoen word aan die hand van sekere terapeutiese skole in terapie.



Soos reeds genoem, is 'n model of skool die produk van 'n teorie. Dit is dus van 'n laer logiese tipe. Die psigologiese woordeboek (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1987:223) definieer teorie as: "'n voorstelling in simbole, van die beginsels wat veronderstel is om die een of ander aspek van gedrag te onderlê, of die hipoteses wat geformuleer is te verklaar." Die teorie is dus die manier van dink, wat die gedrag (model) lei.

Die drie skole, sluit die strategiese skool, strukturele skool en die Milaanskool, in. Die skole is nie die enigste modelle wat paradokse benut nie. Die rede vir die keuse van die spesifieke modelle, is dat hulle die beginsels van konstruktivisme, die sisteemteorie en die kubernetiese denke onderskryf.

Dié skole is tydens die aksie-navorsing benut. Die rasional van stellings en intervensies in die volgende hoofstuk, sal dus vir die leser in die lig van die terapeutiese skole, verstaanbaar wees.

## 5.2 *Die strategiese skool*

Dit wil voorkom asof die strategiese skool by uitstek bekend is vir die amper uitsluitlike benutting van die paradoks tydens terapie. Die paradoks is amper sinoniem met die strategiese model van terapie.

### 5.2.1 Teoretiese raamwerk

Stanton (1981:430-431) is van mening dat strategiese terapeute simptome sien, as die gedrag wat die gevolg is van onsuksesvolle pogings om huidige pynlike interaksies op te los. Die simptoom vererger bloot uit die aard van die situasie. Daar lê dus 'n betekenis of kommunikasie agter 'n simptoom, wat 'n spesifieke doel of betekenis het in die interaksionele raamwerk. Die simptoom word dus gesien in terme van 'n rekursiewe sekvensie in gedrag (in sirkulêre terminologie eerder as in terme van 'n

liniêre, oorsaak - gevolg wyse.)

Madanes (1981:21) ondersteun die bovermelde stellings en voeg by, dat 'n simptome op 'n soeke na onsuksesvolle oplossings dui. Die terapeutiese intervensies fokus dus hier op die simptome en die prosesse rondom die simptome. Haley (1983:642) voeg by, dat die terapeut die probleem in hierdie verband op so 'n wyse konseptualiseer, dat 'n oplossing/verandering haalbaar is.

Die intervensies en die verantwoordelikheid vir die verandering lê by die terapeut. Die terapeut wil die voortsetting van patrone rondom simptome stop en alternatiewe genereer. Die terapeut is direkief. Die terapie fokus op die hede (Madanes, 1981:19 & 21).

### 5.2.2 Die strategiese paradoks

Paradokse word gebaseer op die kubernetiese komplimentariteit van stabiliteit - verandering. Die gesin vra gelyktydig om te verander en dieselfde te bly. Die doelstelling van 'n paradoks is dan daarin geleë om kliënte daarvan te laat afwyk of dit na te volg, tot absurditeit daarvan so verhoog, dat hulle dan daarvan afwyk (vergelyk Papp, 1980:31 en Madanes, 1981:27).

Papp (1983:53) is van mening, dat 'n paradoks die skynbaar paradoksale verhouding tussen lede verteenwoordig. Madanes (1981:27) ondersteun dit en voeg by dat dit in interaksie met die gesin geformuleer word en dus 'n unieke karakter, het.

'n Simptome word dus aan die sisteem gekoppel, ten einde die gesin te laat beseef dat dit 'n sistemiese basis het. Papp (1980:45) meen, dat die benutting van die paradoks op die volgende beginsels gebaseer is:

- 1) Die gesin word gesien as 'n selfregulerende sisteem, dus hou hy homself instand (ook die simptome),

- 2) die simptomeprodusering is 'n metode van selfregulering en het dus 'n funksie in die sisteem en
- 3) weerstand van die sisteem sal voortvloei, uit die bovermelde, omdat die sisteem dieselfde wil bly.

Dieselfde skrywer meld elders (Papp, 1983:35-37) dat 'n paradoks die volgende bestanddele moet bevat:

- 1) Herdefiniëring: die simptome word voorgeskryf deur dit positief te konnoteer. Dit word dus as belangrik vir die behoud van die sisteem omskryf. Byvoorbeeld wanneer 'n seun sy bed natmaak, laat hy ma vergeet, dat sy werkloos is. Sy enurese laat ma dus toe om haar moederskap uit te leef. Hy offer homself dus, op om haar, haar bedrewendheid te laat wys.
- 2) Voorskrywing: na die positiewe omskrywing, word die simptome voorgeskryf met die doel dat daarvan afgewyk sal word (dit laat stabiliteit eskaleer).
- 3) Weerhouding: sodra die gesin begin verander (en dus van die paradoks afwyk), waarsku die terapeut hulle om dit nie te doen nie. Hulle verander dus verder. Die eskalering van stabiliteit lei tot verandering.

### 5.2.3 Praktiese benutting van die paradoks

#### 5.2.3.1 Paradoks: wanneer kind as simptome draer aangemeld word

Haley (1983:642) eksploreer 'n gesin, waar die kind as die probleem voorgehou word. Hy herdefinieer die probleem as interaksioneel: die ouers is nie ewe betrokke by die welstand van die kind nie. Die kind poog dus om oorbetrokkenheid te laat verlaag en onbetrokkenheid te laat verhoog deur die simptome te produseer. Hy konnoteer die ouers se gedrag as positief: die een is altyd daar en wil hê die kind moet sy omgee altyd voel, terwyl die ander een ook baie omgee, maar verkies om dit indirek te laat deurskemer. Deur 'n "hou so aan"-instruksie aan die ouers as paradoks te gee, poog hy dus om die posisie te laat verander.

### 5.2.3.2 Die "aansteekbare aard" van simptome

Madanes (1981:26) moedig 'n lid (die simptoondraer) aan om die ander lid (wat simptoom-vry is) aan te moedig, om ook 'n simptoom te hê. Hierdeur word die onbeheerbare aard van 'n simptoom in beheerbare terme geformuleer.

Simptoomprodusering word ook in die konteks van die sisteem geplaas. Die een lid het byvoorbeeld nagmerries. Die ander lid moet slaaploos raak, om nagmerries te monitor. ("As ek nagmerries het kan jy nie slaap nie").

### 5.2.3.3 Die blinde man

Milton Erickson se terapeutiese werksmetode word deur Haley (1973:41-64) ondersoek. Hy bespreek 'n voorbeeld, waar 'n man na Erickson toe verwys is, aangesien hy op pad werk toe (sonder enige fisiologiese rede), blind geword het. Erickson koppel die blindheid aan sy vrou en hulle ernstige konflik, oor die laaste tyd. Die man het ook 'n vermoede dat sy vrou 'n buite-egtelike verhouding het. Sy blindheid word dus 'n paradoks: as hy nie kan sien nie, kan hy nie van sy vrou se ontrouheid bewus wees nie. Erickson verseker hom op grond hiervan, dat sy herstel so stadig of vinnig sal wees; net soos hy dit verkies. Op 'n meta-vlak sê dus dat wanneer hy wil "sien" (en aanvaar), sal hy kan.

## 5.3 **Die strukturele skool**

Die strukturele skool word veral deur Salvador Minuchin se aanwending daarvan hier voorgehou.

### 5.3.1 Teoretiese raamwerk

Die model fokus veral daarop, om die fisiese struktuur van 'n gesin te wysig. Minuchin (1974:9) verdeel die benutting van die terapie in terme van drie stellings:

- a) die mens se psige word nie net as 'n interne proses gesien nie, aangesien die eksterne omgewing ook 'n rol op die psige uitoefen;
- b) 'n Verandering in die gesinsisteem, sal ook lei tot verandering in die individuele psige en
- c) tydens die terapie bind die terapeut homself met die gesin, om 'n terapeutiese sisteem te vorm ("joining").

Ten einde die gesin te analiseer, kyk die terapeut na die gesinstruktuur, die spesifieke ontwikkelingsfase waarin die gesin is en die mate waarin die gesin aanpas by veranderende eksterne faktore (Minuchin, 1974:34).

Die gesinstruktuur word deur Minuchin (1974:4) gedefinieer, as bestaande uit grense (wie doen wat, wanneer en hoe). Hierdie grense kan verder problematies wees, as dit té betrokke ("enmeshed") of onbetrokke/verwyderd ("disengaged") gepunktueer word. 'n Middeweg word in dié verband vir gesinne voorgestel. Die patrone van interaksie vorm ook deel van hierdie struktuur.

Keeny (1985:168) is van mening, dat die strukturele terapeut altyd 'n gesin binne dieselfde raamwerk plaas. Die strukturele terapeut het dus 'n vooropgestelde idee van hoe 'n "gesonde" gesin behoort te lyk, en poog deur terapie, om gesinne met die raamwerk, te versoen. Ek is van mening, dat die benadering rigied kan wees en die gesin se uniekheid kan misken.

Gesinsisteme word onderverdeel in subsisteme (byvoorbeeld die ma-pa-subsisteem en die kind-subsisteem). Die subsisteme moet as sulks optree en 'n kind moet dus nie as 'n vaderfiguur funksioneer nie.

Die strukturele terapeut bind met die gesinsisteem. Hy aanvaar dus hulle gesin-wees en smelt saam met hulle. Hy doen dit, sodat die gesin gemaklik saam met hom sal voel en om terapeutiese prosesse te fasiliteer (Minuchin, 1981:28-50).

Die terapeutiese verandering word deur herstruktureringstegnieke gefasiliteer. Die intervensies en die gepaardgaande herstrukturering vind gewoonlik tydens die sessie plaas. Dit geskied gewoonlik, volgens Minuchin (1981:142-146), daardeur, dat die terapeut die gesin 'n "struktureel-anderse" beleving gee. Die terapeut laat byvoorbeeld lede nader of verder van mekaar sit, langer aanhou baklei of onvermoëns fisies uitspeel. Hierdeur kan alternatiewe vorms van gedrag na vore tree.

Keeny (1985:172) verwys na die proses van binding en herstrukturering as die komplimentêre versoek van die sisteem, om gelyk te verander en dieselfde te bly. Dit spreek dus hierdie dubbele skynbaar teenstrydige versoek suksesvol aan.

Die strukturele skool van terapie fokus, volgens Stanton (1981:429), op "proximity" en "distance" tussen gesinslede. Die terapie wil gesinsorganisasie sodanig struktureer, dat gesinslede hulle volle potensiaal en groei kan bereik. Herstrukturering fokus dus daarop om grense te skep, deurlaatbaar te maak, of te differensieer. Die onbetrokke lede word meer betrokke en die oorbetrokke lede, minder betrokke.

Die terapeut het dus 'n konseptuele raamwerk, wat hy as raamwerk sien. Hy lei die gesin om in die raamwerk te pas, deur tegnieke soos "unbalancing"(daag gesin tot so mate uit dat hulle nie meer seker is dat hulle manier reg is nie) en verhoogde intensiteit (laat interaksie aanhou vir langer as gewoonlik) te benut (vergelyk Stanton, 1981:429 en Minuchin, 1981:116 &161).

Minuchin & Fishman (1974:63) voeg by, dat die volgende areas geanaliseer word, om 'n werksdiagnose te formuleer:

- 1) struktuur, patrone van interaksie en beskikbare alternatiewe
- 2) die buigbaarheid van gesinsreëls

- 3) die mate waartoe lede sensitief teenoor mekaar is,
- 4) die ondersteuningsnetwerk binne die konteks,
- 5) bepaal die gesin se spesifieke ontwikkelingsfase en
- 6) die wyses waarop die simptomatiese gedrag onderhou word.

Die intervensies word op die bogenoemde areas gebaseer. Die gesin voer die intervensies fisies uit. Dit is dus 'n aktiewe vorm van terapie.

### 5.3.2 Die strukturele paradoks

Die strukturele skool van terapie neem dieselfde vorm van paradokse as die strategiese skool aan. Weens die aard van die terapie (as 'n aktiewe, bewegende terapie) kom nog 'n dimensie van paradoks volgens my voor. In plaas daarvan, dat die terapeut die intervensie verbaal oordra, laat hy die gesin die paradoks fisies uitspeel.

'n Voorbeeld hiervan, is as volg: 'n Ma meld aan vir terapie omdat sy nie haar pre-adolessente seun kan beheer nie (Minuchin, 1981:96-97). Minuchin aanvaar haar definisie van die probleem en sê ook vir haar om bo-op haar kind te sit vir die duur van die sessie. Die paradoks lê in die feit, dat hy verbaal haar definisie aanvaar, maar op 'n praktiese (meta-vlak) haar laat doen, wat sy glo sy nie kan doen nie. Deur die ondervinding van sukses, kan haar verwysingsraamwerk dienooreenkomstig gewysig word. Alternatiewe patrone van beheer kan na vore tree. Die paradoks vind dus in 'n aksie plaas, eerder as op 'n verbale vlak.

## 5.4 **Die milaanskool**

### 5.4.1 Teoretiese raamwerk

Die skool is geformuleer en deur die vier terapeute Gianfranco Cecchin, Mara Selvini-

Palazzoli, Guiliana Prata en Luigi Boscolo van Milaan, Italië, saamgestel. Hulle was oorspronklik psigo-analiste, maar na hulle met Gregory Bateson in aanraking gekom het, het hulle 'n sistemiese paradigma begin aanhang (Keeny & Ross, 1985:205).

Die terapeute werk vanuit die hipotetiese raamwerk, dat 'n gesin 'n selfregulerende sisteem is, wat homself beheer, deur reëls wat gevorm word, deur 'n proses van probeer en tref (Palazzoli, Cecchin, Prata & Boscolo, 1980:3). Sentraal aan hierdie hipotese is die feit, dat gesinne oor 'n tydperk sekere patrone vaslê, deur 'n proses van korrektiewe terugvoer.

Die terapie fokus dus nie net op die patrone rondom 'n gegewe simptoom nie, maar op patrone in 'n groter interaksionele geheel. Keeny & Ross (1985:206) voeg by, dat die terapeute die konteks en betekenis van die simptoom binne die geheel hanteer. Uit die patrone word sekere temas ontwikkel, wat die interaksionele patrone weerspieël en as terapeutiese intervensies aan die gesin teruggevoer word.

Palazzoli *et al.* (1978:4) voeg by dat: "since symptomatic behaviour is part of the transactional pattern peculiar to the system in which it occurs, the way to eliminate the symptom is to change the rules." Die fokus val dus op die reëls van 'n interaksionele spel. As die reëls verander, sal die spel verander (ander veranderinge kan hieruit voortspruit).

Die Milaan-skool werk as 'n span saam. Drie lede sit agter die eenrigtingglas, terwyl die ander een as terapeut saam met die gesin sit. Op 'n stadium verlaat die terapeut die vertrek en konsulteer met die span, om 'n intervensie vir die gesin te formuleer. Die fase staan bekend as die middelfase van terapie (Palazzoli *et al.*, 1978:912).

Die proses begin deur 'n voorsessie, waar die span en terapeut hipoteses formuleer. Tydens aanmelding, word sekere inligting verkry waarop inisiële hipoteses gebaseer word. Dit dien dus as 'n vertrekpunt. As die hipotese onwaar blyk te wees, word 'n ander een op grond van inligting, wat verkry is tydens die toetsingsproses, geformuleer.



Die hipotese is dus volgens die Milaanskool (Palazzoli *et al.*, 1980:5) die wyse waarop ontsporing en wanorde ("derailment and disorder") vermy word.

Keeny & Ross (1983:206) voeg in hierdie verband by, dat: "a Milan-strategy for therapy revolves around constructing a hypothesis about a family system, modifying it in response to additional information from the family, and sometimes presenting it as an intervention." Die hipotese is dus so integraal, dat dit beide die ondersoek sowel as die intervensie, kan rig.

'n Volgende beginsel wat integraal tot die model is, is die beginsel van sirkulariteit (Palazzoli *et al.*, 1980:8). Hulle definieer sirkulariteit as die vermoë wat die terapeut het, om 'n ondersoek op die terugvoer van die gesin te baseer. Dit word gegrond op verhoudings, wat verskille en veranderinge suggereer. Hulle is van mening dat Bateson se konsep van verskille ("differences") in verhoudings lê. Hieruit word sirkulêre vrae gebore. 'n Persoon word gevra om kommentaar op verhoudings tussen twee ander lede te lewer.

Madanes (1984:126) hou die volgende voorbeelde van die tipe vrae voor: "If your mother and your wife were to talk about your job, would they agree that you should strike for a better position?" en "Would your wife be worried about the same thing as your daughter, or would she worry about something else?"

Neutraliteit, volgens Cecchin (1987:405-409), is 'n verdere Milanese beginsel. Die beginsel stel voor, dat die terapeut 'n nuuskierige houding teenoor die gesin inneem. "Curiosity leads to exploration and invention of alternative views and moves, and different moves and views breed curiosity in a recursive fashion (Cecchin, 1987:406). Hulle wil deur dié beginsel, nie bepaal hoe waar hulle beskrywings is nie, maar soek wel nuttige verduidelikings vir die terapie.

Wanneer mens die verduidelikings of beskrywings begin glo, hou jy op om nuuskierig te wees en verloor mens jou neutraliteit.

Cecchin (1987:407-408) stel 'n aantal reëls voor, sodat die terapeut sy neutraliteit behou. Eerstens sal 'n fokus op patrone, die terapeut nooit om uit te vind hoe al die lede se beskrywinge bymekaar inpas. Dis nie die soeke na die beste beskrywing nie. Tweedens het elke sisteem 'n rede vir sy spesifieke stel interaksie. Die transaksies is dus nie goed of sleg nie, maar wel werkbaar in die konteks. Die terapeut respekteer dus die organisasie van 'n gesin.

Die beginsels is uiters relevant aan die gesinsterapie-praktyk aangesien dit beweeglikheid aan die terapie, verleen wat verandering eerder as stagnansie impliseer.

#### 5.4.2 Die milanese paradoks

Volgens Cecchin (1998) benut die Milanese skool paradokse deur die simptome voor te skryf. In plaas daarvan dat die gesin die terapeut as 'n agent van verandering sien, word hy eerder 'n agent van stabiliteit. Die gesin verander dan spontaan.

Die paradokse word veral op teenstrydighede wat na vore tree tydens die gesin se vertelling van sy storie, gebaseer. Dikwels word die teenstrydighede op paradoksale wyses aan die gesin teruggevoer (Cecchin, 1998).

Die Milaan-span definieer ook sekere paradokse, wat inherent is aan die gesinsinteraksie. Hulle is van mening, dat die tipe interaksie veral geld vir gesinne waar die sogenaamde skisofreniese lid na vore tree (Palazzoli *et al.*, 1978:24-25). Die interaksies tussen betrokke lede blyk simmetries (en dus identies) te wees. Die een se gedrag is dus 'n spieëlbeeld van die ander se gedrag. Die betrokke lede vermy dit om definisie aan hulle verhouding te gee. Die betrokkenes wil graag beheer neem oor die funksie, maar vrees mislukking. Hier begin die spel: elkeen moet sy definisie van die verhouding diskwalifiseer, voor die ander een dit kan doen!

Dié reëls van die spel is 'n geheim en die kommunikasie binne die sisteem, neem 'n kriptiese formaat aan. "Die ander persoon" mag nie weet wat aangaan nie. Hulle word dus deskundige aanwenders van paradoks: hulle benut teenstrydige verbale en nie-verbale kommunikasie en vermeng die ordes van logiese tipes. Hierdie diskwalifikasie kan so ver gaan, dat die gewer van die boodskap homself diskwalifiseer. ("I'm not really here, I don't exist in the relationship with you", Palazzoli et al., 1978:25).

Deur dié tipe kommunikasie word, absurditeit 'n sentrale en pynlike konseptuele realiteit: Hoe kan ek met iemand praat, as hy nie bestaan nie?.

In die terapie is die simmetrie versteek en die spel word die realiteit. Die spel kan letterlik vir altyd voortduur. In terapie kan nog meer paradokse die terapie blokkeer (veral as die terapeut nie die paradoksale spel identifiseer nie.) Die lede kan boodskappe soos: "Do you think you can reach me? I am somewhere else", oordra (Palazzoli, et al., 1978:30).

'n Verdere dilemma binne die gesin is, dat die sogenaamde skisofreniese lid voel hy het nog nooit werklik die "regte" ding gedoen nie. Hy is egter nie seker wat die "regte" ding om te doen is, nie.

Die Milaan-span formuleer 'n sogenaamde teen-paradoks("counter-paradox") (Palazzoli et al., 1975:7) op die bovermelde. Hulle sien die spel as 'n patroon, wat oor 'n tyd vasgelê is. Ek is van mening, dat dit impliseer dat die patroon sekere reëls en funksies het. As die reëls dus verander, kan die patroon opgehef word. Die patroon is dus nie 'n onveranderbare entiteit nie.

'n Praktiese voorbeeld van die Milanese paradoks sal vervolgens aan die leser voorgehou word. Die toepassing van die bovermelde beginsels in die praktyk, sal dan duidelik word.

Die Milaan-span beskryf die volgende terapeutiese paradoks wat benut is, ten einde

die diskonfirmasie tussen lede op te hef (Palazzoli *et al.*, 1978:127-128). Die gesin onder bespreking, bestaan uit 'n moeder, 'n vader en twee seuns (Bruno, 6 jaar en Chico, 3 jaar). Die oudste seun is as outisties gediagnoseer. Tydens die negende sessie is die gesin aangesê om 'n brief van die span, elke Donderdag, vir mekaar te lees. Die brief was as volg:

"Now Bruno, I understand why you are acting crazy to help daddy. You've decided that he is weak and that by himself he is not strong enough to control mommy. So you do everything you can to keep mommy busy and pinned down, and even Chico helps you with your tantrums. Since you are taking care of the job of controlling mommy, daddy has more time for his job and can take it easy ".

Die diskonfirmasie word dus op die lappe gebring en kan bespreek word. Die verdoeseling daarvan, kan nie meer materialiseer nie. Die paradoks waarop die gesin se interaksie gebaseer is, word dus aangespreek, deur 'n ander paradoks wat die reëls van die vorige, uitdaag.

## 6. **Gevolgtrekking**

- Die paradoks is 'n "ou konsep" in terapie, wat vroeg reeds in die sisteemdenke ontstaan het (gedurende die 1960's), maar kan relevant wees vir die hedendaagse terapeutiese praktyk.
- Die gesinsreëls sluit soms paradokse in, wat nie op reguit intervensies reageer nie. Die gebruik van die terapeutiese paradoks kan dus in dié verband nuttig wees, aangesien paradokse nie op logika reageer nie.
- Die paradoks verteenwoordig slegs een tegniek in terapie. Dit kan nie tot alle gesinne en terapie veralgemeen word nie.
- Die benutting van die paradoks in terapie, ontwikkel uit die interaksie met die gesin en respekteer dus sisteme se uniekheid.
- Die paradoks spreek die stabiliteit-verandering komplementariteit, inherent aan

gesinsisteme, aan.

- 'n Terapeutiese paradoks is suksesvol as die gesin van die paradoksale voorskrif afwyk.
- Die paradoks verteenwoordig 'n pragmatiese siening en die estetiese aspek word nie uit die oog verloor nie.
- 'n Paradoks kan as tegniek in psigoterapie benut word. Die terapeutiese praktyk kan waarde put uit paradokse en die aanwending daarvan.

## HOOFSTUK 3

### UITEENSETTING VAN DIE AKSIENAVORSING

#### 1. *Inleiding*

Die bespreking van die aksienavorsing, gaan tydens hierdie hoofstuk aandag geniet. Ek het ook as terapeut in hierdie konteks opgetree.

Die evaluering van die paradoks in die gesin, sal aan die leser voorgehou word, waarna ook 'n paar terapeutiese paradokse bespreek sal word.

Die terapeutiese sessies sal met die leser gedeel word. Elke sessie sal in drie dele verdeel word (in aksienavorsingsterminologie: beskrywing/beplanning, aksie en reflektering), sal onder die opskrifte voorsessie, middelsessie, en na-sessie bespreking geniet.

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om aan te dui, hoe paradokse in die terapeutiese konteks, gebruik kan word. Dit is nie die enigste terapeutiese tegniek nie en ook nie die enigste moontlike tegniek vir die gesin onder bespreking nie. Ander tegnieke is ook tydens die toetreding tot die betrokke gesin, benut. 'n Bespreking hiervan val egter buite die doelstelling van dié navorsing, maar is geensins minder belangrik nie.

Ek gaan poog om die paradoksale interaksies in 'n verbatim formaat, uit te lig waarna 'n bespreking van die navorser se puntuasies sal volg. Die invloed, verloop en moontlike uitkomst van paradokse, sal as sulks aan die leser voorgehou word.

Hierdie voorlegging is my puntuasies van die interaksies. Tydens die terapie is sekere

paradokse geformuleer, om sekere patrone uit te daag (te "perturbe"). Dit is onmoontlik om die presiese gevolg van die paradoks (of enige ander intervensie) te bepaal. Die gevolge word eers duidelik, wanneer die gesin dit in hulle struktuur betekenis laat kry.

## **2. Die verwysing en inligting verkry tydens die verwysing**


Ten einde die vertroulikheidsbeginsel te handhaaf, is die name van gesinslede in die voorlegging verander. Hulle verdere identiteit sal ook so ver moontlik verbloem word. Die fokus sal dus eerder op die kliniese inligting, as die gesinslede se persoonlike hoedanighede, wees.

### Agtergrond

Die verwysing van die betrokke gesin is ontvang via 'n gesinsorganisasie. Die betrokke statutêre maatskaplike werker, was van mening dat die Roux-gesin baat sal vind by gesinsterapie.

Voorlopige inligting is van die verwyser verkry. Mnr. & mev. Roux is nege jaar getroud. Beide egte is ook voorheen in vorige verhoudings betrokke, waaruit kinders gebore is. Mnr. Roux het 'n 15-jarige seun (Charl), wat by tye van aanmelding, vir vier maande by hom woonagtig was. Mev. Roux het drie dogters, wat uit drie verskillende verhoudings gebore is: Lisa, 17, Joanne, 15, en Nina 10. Mnr. en mev. Roux het ook 'n 5 jarige seun, Paul, wat uit hulle huwelik gebore is. Die gesin sien dus volgens 'n genogram as volg daarna uit:

Figuur 6: Genogram



Die gekleurde gedeelte in die figuur woon saam en is betrokke by die terapeutiese sessies.

Die verwysende maatskaplike werker verwys die gesin, weens die volgende redes:

- 1) Joanne is uit die gesin verwyder en was in 'n plek van veiligheid na bewerings dat mnr. Roux haar verkrag het.
- 2) Joanne sê eers dat die verkragting wel plaasgevind het en later ontken sy dit.
- 3) Kriminele- en kinderhofsake is dus tydens die aanmelding hangende.

Ek maak as navorser/terapeut met die Roux-gesin kontak, om hulle behoefte na terapie te ondersoek. Ek praat telefonies met mev. Roux. Sy dui aan dat die gesin graag vir terapie wil kom en dit baie nodig het. Sy formuleer die probleem as 'n ernstige konflik (en gepaardgaande verhoudingsprobleme) tussen haar en Joanne.



Tydens die middelsessie word die verbatim-dialoog, in dialoogformaat getik, die nie-verbatim gedeeltes is skuins gedruk en my meta-reflekterings is donker gedruk.

### 3. **SIKLUS I**

#### 3.1 Voorsessie: (Beplanning/Beskrywing)

Ek benut die artikel van McCarthy en Byrne (1988:181-199) tydens die beplanningsfase. Die skrywers werk binne die konteks van kinderbeskerming, waar moontlike bloedskande voorkom.

Veral twee idees van die skrywers, maak ek 'n prioriteit tydens die toetrede.

A) "Given the climate of disqualification that invariably occurs around disclosure of incest, we begin to question how systemic therapists might position themselves differently within the therapeutic domain. Is it possible to affirm all participants (including ourselves) so that a domain of consensual understanding might replace a discourse embodying themes of blame, punishment and negation...would it be possible to construct a space in which a language of love might emerge?" (McCarthy & Byrne, 1988:188).

B) "Making the distinction between the notions of both organisation of family organisation of problem-defined-defining system enabled the emergence of a therapeutic disposition aimed not necessarily at family dissolution but problem dissolution." (McCarthy & Byrne, 1988:190).

Hiermee wou ek myself voorberei, om nie met 'n "ander" paradigma in die skynbaar sosiaal onaanvaarbare te betree nie. Ek wou dus steeds die respek in die sisteemteorie beoefen.

Hierdie idees raak in die daaropvolgende spanbespreking sentraal. 'n Hipotese tree na vore:

- daar kan dalk oorbetrokke patrone ("enmeshment") tussen mnr. Roux en Joanne se verhouding wees,
- afstand tussen mnr. en mev. Roux
- Charl kan dalk nog onbetrokke wees, aangesien hy nie so lank al daar is nie
- Ma kan dalk onbetrokke wees weens diskwalifikasie
- Lisa kan moontlike moederlike rolle teenoor veral Paul en Nina speel.

Die belangrikste aktiwiteit, waarop die terapeut tydens die sessie op fokus, is om met elke lid afsonderlik en met die gesin as geheel te bind.

Sekere punktuasies word tydens die spanbespreking gemaak, wat moontlik nuttig kan wees tydens die terapie:

- Charl is die enigste kind met 'n ander ma. Hy is ook die nuutste lid in die gesin.
- Mnr. Roux sal homself verdedig, wat waarskynlik sy stabiliteit sal wees. Dit sal tot maksimum stabiliteit lei.
- Hoe het elke kind tot die gesin toegetree (met watter belewenisse) en wat is hulle posisie tans? Hoe pas hulle na elke verskuiwing aan?
- Lisa en Joanne het al meermale van een sisteem na 'n volgende beweeg.


'n Proses van gesinsbeeldbou ("sculpting", Minuchin, 1981:124) kan dalk nuttig wees, om 'n meta-vlak ondersoek te doen. Die leser se aandag word daarop gevestig, dat die denke geensins paradoksaal is nie. Daar is 'n terapeutiese nuuskierigheid by die span. Die paradokse moet altyd uit die interaksie met die gesin "gebore" word. Die eerste sessie gaan dus, as die proses, voorgestel word. Die daaropvolgende twee sessies sal dus meer in terme van hulle paradoksale inhoud gepunktueer word.

### 3.2 Middelsessie: (Aksie)

Slegs 5 lede daag op. Twee jonger kinders is by hulle ouma vir die vakansie.

Sitreëling van die gesin is as volg:

Figuur 7: Aanvangsitreëling van die Roux-gesin:



*Die eerste deel van die sessie word aan die bindingsproses gewy. Die terapeut stel haarself voor en die gesinslede stel hulself ook voor. Die twee afwesige jonger lede word ook voorgestel. Hulle word dus as teenwoordig voorgestel in hulle afwesigheid.*

*As deel van die bindingsproses vra terapeut aan gesin: "Hoekom is julle vandag hier? Ek weet nie wie wil begin nie?"*

Joanne: "Ek weet nie."

Terapeut (lag) en vra: "Is dit vir jou 'n skok? Het hulle niks vir jou gesê by die plek van veiligheid nie?"

Joanne: "Hulle het net vir my gesê, ek moet kom vir terapie."

Terapeut: "Het jy geweet die ander gaan ook hier wees?"

Joanne: "Nee."

Terapeut: "Sjoe, niks nie."

**Die terapeut bind dus met haar gevoel van verlorenheid in die konteks. Sy is die enigste lid wat praat en dit fasiliteer die binding ("joining") met haar tydens die deel van die sessie.**

Terapeut: "So dit is nogal vreemd. Miskien moet die ander vir jou vertel, hoekom julle almal hier is."

**Die terapeut begin 'n poging aanwend om die res van die gesin ook betrokke te kry. Sy wil op 'n meta-vlak aantoon dat hulle ook belangrik is. Dit dien as 'n uitnodiging vir binding (Daar is nog geen definisie vir probleem nie.)**

*'n Stilte volg. Terapeut moedig gesin aan om hulle insette te lewer.*

Lisa: "Ek weet nie."

Terapeut (lag): "Is daar iemand wat weet?"

*Almal lag en 'n atmosfeer van gemoedelikheid tree in.*

Mnr. Roux: "Dit is om die gesin bymekaar te bring. Die ding wat in Desember gebeur het, het die gesin uitmekaar geskeur."

Terapeut: "Uitmekaar skeur...dit klink nogal vreeslik "explosive"..."

Mnr. Roux: "Ja, dit het..."

**Terapeut bind met 'n volgende lid. Respekteer sy punktuasies en reageer met empatie en respek daarop.**

*Mnr. Roux vertel van hoe "'n storie" begin het en almal onder 'n wanindruk gekom het. Die gesin het daarom uitmekaar geskiet.*

Terapeut: "So, julle is op die oomblik baie ver van mekaar af?"

Mnr. Roux: "Nee, ons het intussen nader aan mekaar begin beweeg, uit ons eie..."

**Diskwalifiseer sy probleemstelling dus.**

Terapeut: "mm"

Mnr. Roux: "Dis na baie huil en tranes. Ons het amper moed verloor met die lewe...."

Terapeut: "So julle is ernstig om weer bymekaar uit te kom, want julle het mekaar nodig. So nodig dat julle sal doodgaan as dit nie gebeur nie..."

Mnr. Roux: " Ja, mens begin dink waarvoor lewe ek. Want die nonsens en kommer kom nie tot 'n punt nie. Jy het vrae..."

Terapeut: "mm...(wend haar tot Joanne en Lisa wat onderlangs saggies lag) Julle lag...(lag dan ook)

**Binding met mnr. Roux duur al 'n wyle, die ander is baie stil. Sy poog om deur Lisa en Joanne se lag, raak te sien, om hulle ook te betrek.**

*Die gelag hou 'n ruk lank aan.*

Terapeut: "miskien wil jy op die stadium bietjie humor inbring? Dit is dalk te ernstig.

Mnr. Roux: "Dit is nou twee maande..."

Joanne: "Twee maande en twee weke"

Mnr. Roux: "Wat sy in plek van veiligheid is."

**Mnr. Roux en Joanne deel 'n proses - dit is dalk beduidend op hulle nabyheid. Steeds poog die terapeut net om op binding te fokus, aangesien die inligting wat tydens die binding na vore tree, baie nuttig is vir die formulering van intervensies.**

Terapeut: "So jy (*Joanne*) is nie op die oomblik by die huis nie. En die twee kleintjies is ook nie daar nie. So in die gesin maak die afwesigheid 'n groot verskil."

**Ek probeer 'n veilige milieu skep deur empatie en binding.**

*Mnr Roux vertel hoe dit vir veral Paul vang, dat Joanne nie by die huis is nie.*

**Elke lid is dus sensitief vir die ander - kan beduidend wees op te oorbetrokke grense.**

*Op die punt raak mev. Roux ook betrokke deur te sê: "Paul kan nie verstaan, hoekom is sy sussie nie daar nie."*

Mnr. Roux: "Hy vra elke dag na haar"

Mev. Roux: "Hy vra elke keer: "hoeveel slabies nog? Hoeveel slabies nog?"

Terapeut: "Dit klink of julle baie 'close' was. In so groot gesin het jy altyd 'n span agter jou. Daar is baie skouers om op te huil... baie ore om na jou te luister. Maar ewe skielik is dit 'n bietjie 'shaky'...Mense gaan uit. Daar is ook mense daar buite wat sekere opinies het en..."

Mev. Roux: "Wat inmeng en allerhande goed..."

Terapeut: "mm"

Mev. Roux: "En alles deurmekaar krap..."

Terapeut: "...ja, en ewe skielik verander alles...Julle probeer julle bymekaar hou en vashou en dit werk nie.

**Binding duur voort. Steeds is al die lede nie betrokke nie.**

Mnr. Roux: "Ja.... Ek is die twee (*Lisa en Joanne*) se stiefpa. En nou die dag wou Joanne my sien, toe sê hulle (*mense by die plek van veiligheid*) vir

haar 'hy is jou stiefpa nie jou pa nie'"

Terapeut: "So, hulle probeer hulle siening afdwing..."

Mev. Roux: "En hy is die enigste pa wat my kinders ken. Hulle ken geen ander pa nie... "

*'n Gesprek hieroor volg en die terapeut reageer met empatie. Die sessie is nou nog baie laag in intensiteit, aangesien daar eers met gemak en vertroue oor aangeleenthede gepraat moet word.*

*Die gesprek genereer sekere inligting, waarvan die kern is dat mnr. Roux "om die kinders se onthalwe getrou het."*

**'n Baie rustige atmosfeer, waarin daar op inhoud gefokus word. Die terapeut leer die gesin ken en poog om hulle gemaklik te laat voel.**

*Op die stadium probeer mnr. Roux sy vaderskap as positief skilder en spandeer baie tyd hieraan. Die terapeut maak ook kontak met Lisa op 'n indirekte manier (deur mnr. Roux), in 'n poging om met haar te bind. Sy verkies egter om haar stilte te handhaaf. Die terapeut respekteer dit en wend haar tot Charl. (Bind met haar stilte)*

Terapeut: "Hoe lank is jy al saam met hulle?"

Mnr. Roux: "Ek het jare vir hom baklei. Ek het vir sy ma gesê, hy sal groot word en self besluit."

Terapeut behou oogkontak met Charl

Terapeut: "En het jy toe besluit..."

Charl & Mnr. Roux: "drie maande terug..."

Terapeut: "So tussen almal wat uitbeweeg het, het daar iemand bygekom ook. En hoe is dit vir jou in hierdie nuwe..."

Charl: "Dis nogal okay..."

## *Stilte*

Terapeut: "So, het net jy en jou ma saam gebly?"

Charl: "Ja en my twee broers."

Terapeut: "O, so dis nogal 'n paar mense by van waaraan jy aan gewoond is...."

Charl: "Ja, nogal."

Terapeut: "So, jy het in die middel van hierdie turmoil ingekom. Sjoë...jy dink seker hierdie is 'n besige familie."

Terapeut (*vir Lisa*): "Hoe dink jy het dit verander nou dat hy bygekom het (sy kyk vir mnr. Roux en vir Joanne)"

Mnr Roux: Sy het uit haar dop uitgeklim..."

Terapeut: "En vandat Joanne weg is...."

Mev Roux: "Dit is 'n 'boggerop"

## **Binding word met baie doelgerigte pogings uitgevoer.**

*Weer gaan die gesprek oor hoe swaar dit vir hulle is, dat Joanne nie daar is nie. Die terapeut vra of hulle in die lig hiervan, dalk oor Desember (toe alles aangaande die skeiding/aantuigings begin het) wil praat.*

Mnr. Roux: "Ja, hulle het my aangekla van verkragting op Joanne. **(Sê dit reguit en met skynbare gemak)**...Wat nou nie so was nie. Die ondersoekbeampte het haar (*mev. Roux*) onder 'n wanindruk gebring. Die dinge, wat in die verklaring was, wat hy gesê het en wat regtig gebeur het, is twee dag en nag verskillende goed van daar af is alles uit...Sy wil my nie glo nie, hoe meer ek vir haar sê, wat is wat, hoe minder wil sy glo."

Terapeut: "So dit klink of julle juis self die heelyd moet verontskuldig"

Mnr. Roux: "Dis al wat jy die hele tyd doen."



Terapeut: "So, dit is 'n magtelose gevoel..."

Mnr. Roux: "Ja dit is moeilik. Dinge lyk of dit so is, maar dit is nie so *nie*."

Hier is die eerste ontmoeting met 'n paradoks. Mnr Roux (en dalk ook die ander lede) het 'n konstruk oor wat ander mense glo. Hulle glo ander glo die deel, wat dit laat lyk of die verkragting waar is; al is dit nie waar nie. Hulle plaas hulself dus in die paradoks. Daar is 'n botsing van logiese tipes. Die 'dinge' het dus die vermoë om realiteite te skep, eerder as die feit dat dit die mense in verhouding tot die'dinge' is. In hierdie konstruk lei tot 'n " spel sonder einde". Die "lyk" en "is" wat van verskillende logiese ordes is - word sinoniem. Die ander se "is", is 'n illusie, terwyl ons "is" 'n realiteit is.

*'n Gesprek volg oor hoe die gesin onder sulke uitdagende omstandighede, tog instaat is om dit te hanteer. Steeds is dit binding. Fokus op die positiewe inherent aan die gesin. Mnr. Roux is die spreekbuis van die gesin en op die stadium respekteer die terapeut dit.*

*Die terapeut vra aan mev Roux hoe sy dit alles beleef. Dit word uit die bespreking duidelik, dat dit vir haar baie pynlik is.*

Mev. Roux: "Ek wantrou maklik. Veral 'n man."

*Sy het geglo, dat mnr. Roux skuldig was en het hom wantrou. Noudat sy egter die waarheid weet, voel sy skuldig daarvoor. Sy voel of sy almal van haar af weggedryf het, omdat sy nie in mnr Roux se onskuld, geglo het nie. Sy voel sy is 'n baie negatiewe persoon en kan niks positiefs insien nie. Sy sê dat sy probeer om vanaf 'n negatiewe na 'n positiewe persoon te verander. Sy sê, dat haar sielkundige haar hierop attent maak het.*

Hier kom 'n paradoks voor. Mev Roux moet van een ding na 'n ander verander. Dit word hanteer asof dit van 'n interaksionele spel losstaan. Sy plaas haarself

in 'n wees-spontaan - paradoks. Sy moet verander, omdat iemand so sê. Sy moet een posisie (negatief) verlaat en na 'n ander (positief) beweeg. Die komplementariteit word oorgesien. Die paradoks: "Ek moet myself wil verander, omdat iemand anders my anders wil hê." Die wil - 'n klas van reëls, word dus van toepassing op homself. 'n Klas van reëls word 'n reël op sy eie.

Terapeut: "So, jy probeer jousef voorberei vir die ergste, dan is die skok nie so groot nie."

'n Poging tot herformulering.

Mev. Roux: "Ek was nog altyd so. As iets gebeur, dink ek die ergste. Die sielkundige sê dis vir my normaal. My brein het dit so ingeneem."

Dit is duidelik, dat ander wil hê sy moet verander.

Terapeut: "So deur negatief te wees 'cope' jy. Hoe negatiewer, hoe beter 'cope' jy. Deur dus nou positief te raak, gaan dit 'scary' wees, want jy ken dit nie."

Mev. Roux: "Tog, dis wat ek wil hê, maar as dit kom, weet ek nie hoe om dit te hanteer nie."

Terapeut: "Dis 'n groot skuif."

Mev Roux: "Ek weet nie hoe om dit te hanteer nie."

Terapeut: "Dit is 'n hele nuwe wêreld. Miskien is dit te gou...te vinnig!

Hier word die simptome voorgeskryf. 'n Teen-paradoks word dus as 'n terapeutiese intervensie benut.

Terapeutiese paradoks (voortvloeiend uit 'n paradoks wat reeds bestaan in

**struktuur). Paradoks: Stadig! Die paradoks volg na die gedrag, as 'n noodsaaklike hanteringsmeganisme geherformuleer is. Die doel hiervan is dat daarvan afgewyk sal word en die verlangde verandering sal volg. Die paradoks raak die hele gesin, aangesien hulle deel is van die sisteem, wat mev. Roux druk, om te verander.**

*Die gesprek gaan verder na mnr. Roux wat mev. Roux se wantroue verafsku. Hulle het 'n hele paar minute glad nie met mekaar gepraat nie. As die terapeut dit ondersoek (deur ook vir Charl te betrek), is almal dit eens dat hulle weer praat en dat dit beter gaan. Die gesprek keer na Joanne se afwesigheid terug en hoe pynlik dit is. Ook hoeveel teleurstellings hulle in die proses beleef. Die terapeut hanteer dit empaties.*

**Mnr. Roux se behoefte om homself te verontskuldig, is 'n baie groot stabiliteit.**

*Die span vra aan hom of hy voel, die mense hiér, glo hom. Hy brei uit op sy ongemak en ook op hoe baie ander dele van sy lewe dit 'n impak het, soos in sy prestasie by die werk, wat heelwat afgeneem het.*

*Die ondersteuning van die gesin word in hierdie verband gemobiliseer. Dit word versterk. Almal, behalwe Joanne, neem deel daaraan. Sy gee vir die terapeut 'n betekenisvolle kyk, wat onmoontlik is om te interpreteer.*

**Die verbale uitlatings van ondersteuning en dat die gesin vir mnr. Roux glo, word hierdeur (tussen terapeut en Joanne) gediskwalifiseer.**

*Later in die sessie is dit duidelik dat mev Roux baie positiewe stellings maak. Die terapeut benadruk dit. (Dit kan weens die paradoks wees.) Sy sê byvoorbeeld dat haar gesin haar vertrou en haar liefde nodig het. Dat haar man haar ondersteuning en aandag nodig het, ensovoorts. Sy sê ook dat hulle eerste kom en nie haar negatiewe denke nie.*

Op hierdie trant, stel die span 'n proses van gesinsbeeldhou voor: hoe dié gesin gelyk het voor ma se vertrouwe en hoe dit nou lyk (gesinsbeeldhou 8). Ook toe Charl bygekom het (afwesige lede word ingesluit). Die gesin plaas hulself in posisies en die terapeut fasiliteer die proses (gesinsbeeldhou 9).

Figuur 8: Gesinsbeeldhou (1):

### SPIEËL

Joanne

Mnr Roux

Nina

Paul

Mev Roux

Lisa

### DEUR

Joanne (*hui*): "Ek en my ma kon nog nooit bymekaar uitkom nie. Sy het my nog nooit aanvaar nie."

Terapeut (*staan op en gaan staan by haar*): "Is daar iemand wat jy graag nou wil nader nooi, om jou te troos?"

Joanne: "My pa...."

(*Hy skuif nader en gaan troos haar*)

Terapeut: "So, toe Ma negatief was, het julle heeltemal onttrek. So julle het mekaar misverstaan."

Mev. Roux: "Ja, ek het my onttrek en eenkant gehou."

Terapeut: "Selfs voor Desember?"

Mev. Roux: "Nie so erg soos na Desember nie. Omdat ek nie die waarheid geken het nie."

Terapeut: "Nie geweet het wat die waarheid is nie...."

Mev. Roux: "Ek het haar ook nie vertrou nie - toe onttrek ek my - en hou my heeltemal eenkant."

Terapeut: "So daar was vier ander by jou en jy was dus nie alleen nie."

Mev. Roux: "Ja, hulle was....maar ek het altyd alleen gevoel."

Terapeut: "Verbaas dit jou dat Lisa haar stoel daar getrek het en dat daar ook twee ander by jou is?"


Mev. Roux: "Ja, eintlik."

**Let op die wyse waarop die problematiek 'n ander betekenis of beskrywing kry.**

Terapeut: "Toe kom Charl in."

Figuur 9: Gesinsbeeldhou (2):

### SPIEËL



### DEUR

Joanne: "Ek het nader aan my broer begin raak."

**Proses sentreer om die nabyheid.**

Terapeut: "Charl, hoe voel dit om nou in te beweeg."

Charl: "Deurmekaar...verward...mens weet nie regtig wat aangaan nie.

*Uit die opvolgende proses klink dit asof toe Charl bygekom het, die gesin nader aan hom beweeg en ook nader aan mekaar.*

Mnr. Roux: "Sy is positiewer...ek kon dit nie glo nie, maar sy is..."

**Paradoks van vroeër se betekenis het toegang gegee tot 'n wyer konteks.**

*Terapeut benadruk weer haar positiwiteit. Die proses wentel weer hier om dié aspek.*

Figuur10: Gesinsbeeldhou (3):

### SPIEël

Terapeut     Mnr Roux

Joanne         Mev Roux

Charl         Lisa

### DEUR

***Die aanmeldingsprobleem van: "ons wil graag weer die gesin nader aan mekaar bring", word dus bevraagteken aangesien daar wel nabyheid is. Die terapeut voel baie teenstrydighede op dié punt aan. Die fokuspunt (aanmeldingsprobleem) is vaag en onduidelik; die gesin wys dat die probleme opgelos is.***

Intervensie:

*Terapeut:"Julle het vandag hiernatoe gekom en julle wou gehad het dat ons sekere*

*dinge moes sien. Ek wonder of julle voel dat ons julle gehoor en verstaan het, of sien julle ons dalk dieselfde as die mense daarbuite? Die rede hoekom ek dit vra is, dat daar drie van die spanlede voel dat alles 'okay' is en dat julle voel dat julle gehoor is. Daar is een wat voel dat julle so vinnig, so baie goed vir ons gesê het dat ons dalk iets gemis het wat julle graag wou gehad het ons moet hoor. Ek weet nie of julle dalk bietjie daaroor wil nadink nie, dan kan ons volgende keer daarby begin."*

**Dit is die Griekse koor-formaat van 'n paradoks. Die rasionaal daarvan, lê in die feit, dat die gesin in der waarheid outonoom was deurdat hulle baie min gesê het. Die sessie was vol stiltes en die terapeut was dikwels verlore, in waarheen die gesin haar wou lei.**

### 3.3 Na-sessie: (Reflektering)

Daar kom reeds twee paradokse uit die sessie na vore, wat in die gesinsverhoudings aanwesig is. Dit het hier vir die terapeut duidelik begin word, dat paradokse dalk 'n onderliggende tema van interaksie kan wees.

Die binding met die gesin was suksesvol en die span lewer ook kommentaar daarop. Die terapeut het baie aandag daaraan gewy, om die prosesse aan die gang te sit.

Vyf sentrale temas wat relevant is aan die studie gaan, voorgehou word. Eerstens, elke keer as 'n lid 'n probleem geformuleer het, het hy ook voorgehou dat dit opgelos is. Die stelling, dat die gesin (volgens mnr Roux) hier is, om die gesin nader aan mekaar te trek, is telke male gediskwalifiser. Die gesin het telke male gewys, dat hulle uiters na aan mekaar is, wat 'n gebrek aan grense kan impliseer, asook 'n gebrek aan individualisme. Die kommunikasieprobleme tussen eglede is ook na eksplorاسie, as opgelos voorgehou. Tydens die proses van die gesinsbeeldhou, het die gesin hulle problematieke verwydering voorgehou, maar ten laaste weer as 'n baie nou betrokke gesin gesit.

Tweedens is daar pynlike paradokse, waarin Ma en Pa vasgeval sit, wat op 'n patroon van paradokse, binne 'n interaksionele proses, kan dui. Byvoorbeeld die teenstrydigheid tussen of mev. Roux wel vir mnr. Roux glo; hoe harder sy probeer om hom te oortuig, hoe meer wantrou hy haar. Mev. Roux se rol as vrou in die huis, blyk ook onsekerhede in te hou.

Derdens sê Joanne op 'n stadium, dat sy en haar ma 'n problematiese verhouding beleef. As sy egter iemand moet kies om haar te troos, vra sy dat haar pa by haar kom sit. Dit is onseker of sy haar en haar ma se verhouding wil preserveer, of die afstand sekere voordele inhou.

Vierdens dui hierdie proses van, "Raai wat is die probleem?", op die volgende paradoks. 'n Terapeutiese sisteem is gevorm om sekere aangeleenthede aan te spreek. Die gesin se kommunikasie oor die terapie sê op 'n meta-vlak: "Ons is hier en ons ervaar pyn. Ons het hulp nodig en dringend ook. Ons kan egter nie sê waarmee nie. Moenie opbou probeer nie, as jy regraai kan jy ons help." Dit word 'n paradoks, wat terapie blokkeer. Hulle meld dus aan vir terapie (wat die bestaan van problematiek impliseer), maar diskwalifiseer die terapie ter selfde tyd, deur stiltes oor die probleem.

Dit wil vyfdeens voorkom, asof hierdie spelreëls ook binne die gesin kan voorkom. Die spangesprek genereer die gedagte, dat gesinne wat probleme ervaar, sukkel met kommunikasie, aangesien problematiek hulle kommunikasie blokkeer. Die reëls van die gesin spel is dus stilte, wat pynlik kan wees. Lisa se deurlopende stilte kan 'n metafoor vir hierdie reëls wees.

Die simptoondraer blyk Joanne te wees en die "scapegoat" mev. Roux. Mnr. Roux ervaar ook baie pyn. In die interaksie blyk dit of die interaksionele patrone tussen dié lede, veral pyn skep.

Die intervensie daag die 'stilte' en die uitdaging van die gesinsgenererende paradoks, uit. Die terapeut sê inherent "julle het meer gesê as wat julle wou - ons weet meer as



wat julle dink." (Boodskap van hoop).

Die gesinspel onderhou homself deur min ekologiese sisteme na buite. Dit is dus vir die gesin dalk verbode, om na buite te praat. As die stilte verbreek word, breek dit die reëls. Die reëls is so gevestig, dat die gesin dit te midde van terapie (wat oopmaak en praat suggereer) kan voortsit.

Hulle kom egter vir terapie, wat daarop kan dui, dat hulle tans die reëls as pynlik beleef. Die feit dat Joanne uit die gesin verwyder is, het dalk die krisis laat eskaleer.

Die hipoteses, gegenerer tydens die voorsessie, was nuttig, aangesien dit aan terapeut rigting verleen het. Dit is nie belangrik hoe 'waar' hulle is nie, net hoe nuttig hulle was in die interaksie.

Die proses van die eerste sessie is breedvoerig voorgehou, sodat die terapeutiese proses en gesinspatrone na vore kon tree. Die volgende twee sessies sal slegs fokus op paradokse.

## 4. **SIKLUS II**

### 4.1 Voorsessie: (Beplanning)

(Voor hierdie sessie het die verwysende maatskaplike werker geskakel en gesê dat Joanne terug is by die huis.)

Tydens die vorige sessie, was die verwydering van Joanne, 'n pynlike strukturele konsep. Die terapeutiese span vra dus: "Wat sou dit beteken as die gesin vir nog 'n sessie terugkom?" As die gesin terugkom, sal dit dalk die paradoks, wat tydens die vorige sessie so duidelik na vore getree het, bevestig. Verdere ondersoek na hulle krisis, is noodsaaklik. Direkte vrae en intervensies sal dalk vrugtelos wees,

aangesien paradokse in die patrone aanwesig is.

Die betekenisvolle kyk wat Joanne tydens die vorige sessie met die terapeut gewissel het, dui dalk op 'n verskuilde agenda. Die stilte is vir haar pynlik. Sy word dalk ook fisies daardeur geraak. (Sy praat dus, al is sy stil. Sy bly lojaal aan die gesinsreëls.)

Twee jonger lede kan dalk tydens die sessie bykom. Die terapeut sal poog om intensief met hulle te bind. As daar van die bindingsprosesse 'n sukses gemaak word, kan dit die herstrukturering fasiliteer. Dit beteken by implikasie, dat as die terapeut met empatie die stabiliteit respekteer, die terapie tot die nodige verandering sal lei. As die gesin die terapeut vertrou, sal hulle nie deur veranderingsboodskappe bedreig word nie.

Op die stadium, sal die terapeut met die gesin se stilte bind, dit met ander woorde op 'n meta-vlak voorskryf. As die stilte die gesin se pyn laat eskaleer, sal iemand dalk die reëls verander en daaroor praat.

Die stilte en die beweerde bloedskande, kan dalk aan mekaar gekoppel wees. Dit is nie vir die terapeut belangrik om uit te vind of dit 'waar' of 'onwaar' is nie. As dit egter die pyn veroorsaak, moet terapeut dit respekteer en ook die stilte wat rondom dit geskied, maar ook versigtig wees, om nie instand te hou, wat die gesin probeer verander nie.

Spanbespreking ontlok 'n metafoor. Die gesin kan gelykgestel word aan 'n moskombers, wat oor rotse groei. As daar te veel beweging is, kan dit nie groei nie. As dit te vinnig groei, kan dit pynlik wees en daartoe lei dat dit uitsterf. 'n Metafoor van moontlike oorbetrokke grense, kan dus ook op 'n meta-vlak onderliggende paradokse ophef, deur hulle kovert te maak en hulle uit te daag. 'n Paradoksale intervensie kan moontlik hieruit voortvloei.

Die paradoks bestaan in hierdie verband en is gebaseer op die stilte-praat-

komplimentariteit. (Terapeut verwys na die paradoks wat gesin op terapie mik). Die stilte is dus die wyse waarop die gesin homself (sowel as die simptoom) onderhou.

Dit is belangrik om in gedagte te hou, dat die punktuasie van paradokse in die terapie, die navorser se konstruk is. Keeny (1983:166) sê in die verband: "naming a paradoxical intervention requires specifying whether one is referring to the phenomenal domain of an observer's description, the relation of the therapist and client, the effect of an intervention on a client or therapist, and so on." Met ander woorde, ek noem 'n kommunikasie paradoksaal, gebaseer op my eie konstrunkte, wat uit die interaksie met die gesin, gebore word.

Die terapeut ondersoek in dié sessie, wat die impak van die vorige paradoksale intervensie is. Die paradoksale kommunikasie word dus as 'n tema in die interaksionele konteks (terapeut/sisteem) ondersoek.

#### 4.2 Middelsessie: (Aksie)

Die twee jonger lede is teenwoordig. Die terapeut doen baie moeite om met hulle te bind. Sy wil hulle deel maak van die terapeutiese sisteem.

Die sitreëling is as volg:

Figuur 11: Sitreëling (sessie 2):

## SPIEËL

leë stoel

Charl

terapeut

Joanne

Nina

Mnr Roux (Paul op skoot)

Lisa

Mev Roux

## DEUR

*Weereens weet die twee jonger lede nie waarom hulle hier is nie. Dit sal die stilte-reël versterk. 'n Duplisering van die proses, om probleemformulering uit te lok, vind weer plaas.*

Terapeut: "mm...ons het twee nuwes by vandag. Het iemand vr julle verduidelik hoekom julle hier is (*aan Nina*)"

Nina: (*skud net haar kop*)

Terapeut: "Niemand? Niks gesê nie..."

**Hierdie dialoog blyk verteenwoordigend te wees vir hulle algehele stilte.**

Nina: "Ek weet nie."

Terapeut: "Okay...jou naam is Nina, né, en joune is Paul. Reg?"

Nina: "Ja...."

Paul sê niks nie, druk sy kop in sy pa se bors

Terapeut: "Is hy skaam?"

Mnr. Roux: "Ja, dit sal 'n rukkie vat..."

Terapeut (*aan Nina*): "Jy en Paul was nie laaskeer hier nie. Ek wonder of julle iemand in die gesin wil kies, om vir julle te sê hoekom julle hier is en wat laaskeer sonder julle gebeur het?"

Nina: "My ma...."

Mev. Roux skud egter haar kop en kyk af. Vou haar arms om haar.

Joanne: "Ons het stoele rondgeskuif en ons het gesels...."

Mnr. Roux: "Waaroor?"

Joanne: "Ons het gesels oor wie is die naaste aan wie en..."

Terapeut (*aan Nina*): "Dit is moeilik om so te verduidelik... miskien moet ons weer die stoele rondskuif, sodat julle kan sien waar het hulle julle gesit en of julle saamstem. Julle was eintlik hier..."

*Brei uit en moedig aan*

Terapeut (*aan gesin*): "Watter een wil julle vir hulle wys?"

Mnr. Roux: "Net soos ons nou sit..."

Terapeut: "Joanne wil jy vir hulle wys waar was hulle stoele..."

Joanne wys dat dit aan die kant is waar ma sit

Terapeut (*aan Nina*): "Sou jy ook jou stoel daar gesit het? Naby aan hulle?"

Nina: "ja...."

Terapeut: "En jy Paul?"

*(stilte)*

Terapeut: (*lag*) "Julle was verkeerd oor sy plek - hy wil op pa se skoot wees!"

*(stilte)*

Terapeut: "Ek weet nie waar julle vandag wil begin nie? (*aan Nina*) Dink jy jy weet nou wat aangaan? Ons gesels oor dinge..."

*(stilte)*

Terapeut: "Daar was 'n week intussen...ek weet nie waar wil julle begin nie?"

*(stilte)*

Terapeut: "Enige iets gebeur in die week?"

Mnr. Roux: "Ja, daar het baie gebeur..."

Terapeut: "mm"

Mnr. Roux: "Moet iemand die kans gee vir wie dit pla. Of wie ongelukkig is..."

Terapeut: "Wie is ongelukkig?"

*(stilte)*

Terapeut: "Is iemand ongelukkig?"

Mnr Roux: "Ma...."

*(stilte)*

Terapeut: "Wil Ma nou praat?"

Mev. Roux: "Ek wil niks sê nie..."

Terapeut: "Niks nou nie...so sy wil nie begin nie."

*(stilte)*

Mnr Roux: "Iets is nie lekker nie. Ons sien uit dat Joanne huis toe kom..."

Terapeut: "Kom Joanne huis toe?"

Mnr Roux: "Nee, sy is by die huis"

Terapeut: "Sy is by die huis. *(verbaas-bly)* Dit is 'n groot skuif."

*Terapeutiese sisteem bespreek vir 'n wyle, dat sy terug is by die huis.*

**Die gesin hou die paradoks van stilte instand. Hulle is baie kunstig daarin..Dit wil voorkom asof die simptoondraer in die gesin rondskuif. Tydens die vorige sessie was dit Joanne, vandag is dit mev. Roux. Dit is 'n kreatiewe manier om die gesinsreëls instand te hou. Die probleem speel so te sê wegkruipertjie en die raaispel word benadruk.**

Die probleem lê nie in die feit dat Joanne nie by die huis was nie. Dit is amper asof gesin sê: "Nee, julle was verkeerd oor die pyn. Ons pyn lê op 'n ander plek. 'n Plek wat julle moet ontdek sonder ons hulp. Maar maak gou, kyk na ons, ons is in pyn!" Die terapeutiese sisteem is dus op die paradoks gebou...

*Mnr. Roux vertel van hulle ontevredenheid, oor hoe hulle moes sukkel om Joanne by die huis te kry.*

Mnr Roux: "Maar sy is nou by die huis dis al wat tel. Ek en haar ma werk nou aan die probleem..."

Terapeut: "Die probleem?"

*(stilte)*

Terapeut: "Wat is die probleem?"

*(stilte)*

Terapeut (*aan Nina*): "Weet jy?"

Nina: "My ma weet"

Mev Roux: "Ma weet niks"

Terapeut (*aan Nina*): "Wie weet nog?"

Nina: "my pa"

*(stilte)*

Terapeut (*aan Nina*): "Dink jy iemand wil iets sê? Dit lyk of dit almal baie ongelukkig maak."

*(stilte)*

Mev. Roux: "Dit gaan daaroor, dat ons almal so uitmekaar is van Desember af. Toe Joanne weg was van die huis af... alles gaan daaroor. Toe hulle aan die eenkant aangegaan het en ons aan die anderkant aangegaan het."

Terapeut (*aan Paul*): "Paul, ek hoor jy was net so ongelukkig...jy wou net weet wanneer Joanne nou gaan huis toe kom, hoeveel slapies is dit nog?"

*(Geen reaksie van Paul af nie)*

Terapeut: "Laaskeer se sessie het gegaan oor...oor die skeiding. En hoe party getwyfel het en toe daaroor skuldig gevoel het. Lede wat bygekom en onseker gevoel het ensomeer. Nou is sy terug en ek wonder waarop sal die fokus vandag wees, want, uhm, dinge lyk nie lekker nie..."

*(stilte)*

Terapeut: "Of is dit net ek wat dit raaksien?"

Mnr. Roux: "Nee, ons is almal naby aan mekaar. Dit lyk net vir my of dit vir mev Roux pla... Veral dat ek en Joanne naby aan mekaar is."

Mev. Roux: "Dit voel vir my of ek nie meer 'n plek het nie. Hy groet my nou ook nie meer nie. Dit pla my...dis die hele ding"

**Alhoewel die terapeut poog om openlikheid te skep, sodat die probleem geformuleer kan word, word dit deur breë, vae stellings geblokkeer. Op dié stadium hou die terapeut as't ware die paradoks instand en poog verniet om dit op te hef. As deel van die gesin, speel sy hulle 'game'. Die spel kan tot in ewigheid voortduur. Die direkte pogings toon duidelik onsuksesvol, en dui pogings tot eerste orde verklarings, wat tersluiks nutteloos is, aan.**

*'n Gesprek volg, waarin mnr. en mev. Roux mekaar blameer oor mev. Roux uitgeskuif voel. Ten einde die nuttelose interaksie te blokkeer, betrek terapeut ander lede. Charl sé, dat die verhouding tussen Ma en Pa wel verander het. Hulle kommunikeer nie.*


**Die proses voel dupliserend. Die terapeut ervaar 'n intense gevoel van deurmekaarheid. Die paradoks het dus 'n uitwerking van terapeutiese 'stuckness'. Die terapeut verstaan nie waarom sy so ongemobiliseerd voel nie. In plaas daarvan dat sy ophou om so hard te probeer (en dus die paradoks van 'probeer harder' uit te voer) om rigting te kry, moet sy eers beseef sy is in 'n paradoks en dit terapeuties begin aanwend. Die invloed van 'n paradoks laat haar**



die "more of the same"(Watzlawick,Weakland & Fisch, 1978:56) beginsel volg. Dieselfde onsuksesvolle pogings van probleme word dus herhaal.

Die terapeut ondersoek die verhoudingsprobleem tussen ouers. Die span bel in en stel voor, dat die gesin op plekke moet gaan sit, wat beduidend sal wees oor hoe hulle nou lyk, te midde van die konflik tussen die ouers. Die terapeut stel voor dat Charl en Lisa dit bespreek en aan die lede rondskuif. Hulle gaan uit en bespreek dit en skuif gesin as volg:

Figuur12: Gesinsbeeldbou (4):



Terapeut: "Is julle gemaklik waar julle is?"

*(almal toon dat hulle gemaklik is)*

Terapeut: "Miskien kan ons in die sirkel omgaan en julle plekke bespreek..."

Charl: "Ons is so half in die middel...al die kinders is in die middel."

Terapeut: "Tussen hulle twee (*mnr. en mev. Roux*)"

Charl: "Ja"

Terapeut: "Beteken dit dat julle hulle stemme vir mekaar word, as hulle nie met mekaar praat nie? Of wat is die doel? Wat doen julle in die middel?"

*(stilte)* Hou julle hulle weg van mekaar af...."

Charl: "Nee...nee"

*(stilte)*

Mnr. Roux: "Ek sal nie sê dis 'n bakleiery nie..."

Terapeut: "Wat doen die kinders in die middel?"

Lisa: "Ons wil nie hê hulle moet die hele tyd stry nie..."

Charl: "Daar is so halwe kommunikasiegaping..."

Terapeut: " 'n Koue strokie in die middel van 'n warm kombors..." (Lag)

Terapeut: " So op die oomblik nou, terwyl julle hier is, kan julle (*die kinders*) ophou om dit te doen. Los daai werkie nou vir my. Julle kan later weer daarmee aangaan as julle buite is. As daar iets nou gebeur, dan los ons dit en kyk wat gebeur...."

**Die terapeut beantwoord die gesin in 'n paradoks. Sy skryf voor, dat daar nou-nou iets gaan gebeur. Sy verander die reëls dat die kinders hulle daarby moet betrek. Dit is inherent 'n wees-spontaan-paradoks. Konflik wat dus spontaan ontstaan, word voorgeskryf. Die stilte moet op 'n sekere vlak met 'n nuwe stel reëls verbreed word. Die paradoks is terapeuties, aangesien dit die gesin se paradoks uitdaag.**

*Die terapeut gaan voort met 'n taak wat intensiteit verlaag. Almal teken hulself op papier. Die taak poog, om die tyd te verwyf, terwyl ons wag op 'iets' om te gebeur. In hierdie taak waar elkeen hulle self of iets, wat hulself verteenwoordig het, geteken het, is daar aspekte wat vir die paradoks relevansie inhou.*

*Eerstens sê mnr. Roux, dat hy hulp nodig het van die gesin, want hy sukkel alleen. (verskerp die gedagte dat die behoefte dringend is, maar dat hy nie sê waarmee nie.)*

*Tweedens verkies Lisa om haar papiertjie skoon (met niks op nie) neer te sit.*

*Geimpliseerd kan dit beteken dat die terapeut niks by haar moet soek nie, want sy gaan by die gesinsreëls van stilte/geheime hou. Derdens gee Joanne weer vir die terapeut*

*'n betekenisvolle kyk, wat "iets" moet impliseer. ("the map is not the territory", Bateson, 1979:67). Vierdens teken Paul homself as 'n kat, wat hy Oortjies noem. Hy is dus dalk bewus van alles wat aangaan, want hy hoor dit, maar hy gaan dit nie noodwendig verbaal deel nie.*

*Na omtrent 20 minute gebeur die "iets". Die konflik tussen mnr. en mev. Roux breek uit. Ma vertel van haar prentjie (sy het die woord "niks" daarop geskryf).*

Mev. Roux: "Ek voel soos niks. Ek dien geen doel nie."

Terapeut: "So jy voel so...."

Mev. Roux: "Ek sal gelukkig wees as ek weet hulle is gelukkig..."

Terapeut: "Maar jy weet nie...alles is hangende. Almal se monde het stil geword."

Mev. Roux: "Almal moet vir almal betrek. Hulle moenie in groepies weggaan nie. Dit is waarvoor ek bang is."

Terapeut: "In groepies uit die gesin uit?"

Mev. Roux: "Ja"

Terapeut: "So julle moet as 'n groep saamwerk."

Mnr. Roux: "Ons moet as 'n groep saamwerk, maar as jy sien iemand is ongelukkig en jy vra hom wat is fout, dan antwoord hy jou nie. As die kinders met hulle praat, dan word hulle nie geantwoord nie. Wat moet jy dink? Wat moet jy doen? Dan sê jy vir iemand kom sit hier so. Dan wil hy nie by jou voete kom sit nie. Hy trek 'n stoel uit en gaan sit daar. Wat....dis mos nou nie samewerking nie."

Terapeut: "Dit is moeilik..."

*Meneer gaan verder en benadruk hoe almal moet oop wees en deel.*

Terapeut: "Alles moet gedeel word. Niks moet ongesiens bly nie."

Mnr. Roux: "Daar's hy!"

*Die terapeut eksploreer geheime en wat dit vir die gesin beteken. Dit word as ontoelaatbaar beleef (teen die reëls).*

**Hierdie kommunikasie kan direk gekoppel word aan die paradoks in die gesinsreëls. Die moet oop wees met mekaar, maar hulle kan nie oop wees oor die gesinsgeheim nie. Die reëls van die gesin blokkeer dus die versoek na oopheid. Mnr. Roux spreek direk sy begeerte uit, dat as hy iemand vra wat fout is, moet hulle sê, sodat hulle daaraan kan werk. (Die terapeut vra dieselfde).**

Mnr. Roux: "Ek voel die kinders verstaan my. Hulle voel saam met my dat ons haar (*mev*) nie kan verstaan nie. Ons kan nie....."

Terapeut: (*aan mev Roux*) "Stem jy saam?"

Mev. Roux: "Ek moet seker. Die fout lê seker by my. Ek is gewoon daaraan."

*Gesprek volg waar Ma as die sondebok, ("scapegoat") bespreek, word. Ma en Pa begin baklei oor haar onttrekking en hoe sy uitgesluit voel. Dit raak nogal heftig. Hoe meer mnr. Roux sê, sy het geen rede om so te voel nie, hoe meer verdedig sy haar opinie. Die terapeut skryf 'n baklei-sessie voor met mekaar.*

**Die paradoks van vroeër in die sessie lei wel tot konflik, soos dit voorgeskryf is. Die gesinstruktuur is dus so georganiseer, dat dit op paradokse reageer. Gevoelens word op die tafel gelê en 'n deel van die stilte word opgehef.**

Mev Roux: "Ek het probeer positief wees en dit reggekry, maar van Saterdag af voel ek weer negatief...."

**Die paradoks in die vorige sessie (stadig) het dus vrugte afgewerp. Sy word**


positief, maar voel ook weer negatief. Dit is dus vir haar aanvaarbaar, dat sy wel positief kan wees (sy het tydens die vorige sessie gesê sy weet nie hoe nie en kan dit dus nie wees nie.)

*Die simptoondraer (mev) geniet fokus vir 'n ruk.*

Haar gevoelens word hanteer. Die simptoondraer is 'n aandagafleier en hou die stabiliteit van die gesin instand. Die proses wat in die gesin voorkom, is dat niemand mag praat oor wat die pyn veroorsaak nie. Die skynbare oplossing, word die probleem en genereer ongelooflike pyn.

Die intervensie word gebaseer op 'n meta-vlak. Aangesien die verbale vlak van kommunikasie geïnhibeer is, poog die terapeut met die intervensie om by die struktuur van die gesin aanklank te vind. Die vind plaas, deurdat die terapeut die gesin beeldhou, soos wat die span hulle beleef en wel as volg:

Figuur 11: Gesinsbeeldhou as intervensie



*Terapeut praat daarvan as 'n stukkie van 'n legkaart. Hoe die span verward voel oor die gesin, word geïmpliseer deur die woord, 'legkaart'.*

### 4.3 Na-sessie: (Reflektering)

Die stilte-tema en onderliggende paradoks, het 'n verdere dimensie bygekry. Die paradoks is nie net gemik op die terapeutiese sisteem nie, maar kom ook in die gesinsreëls voor. Die gesin sien hulself as oop en naby aanmekaar. Hulle moet dus maklik met mekaar kan praat. Daar is egter 'n blokkasie. Hulle absolute oopheid, suggereer geslotenheid/stilte. Hulle ervaar pyn. Die gesin deel alle geheime (mite).

Die gesin ervaar pyn, voortspruitend uit hulle reëls. Die oplossing is dus die probleem hier ter sprake. Die terapeut trap self in die paradoks en beleef die houvas, wat dit het. Dit mobiliseer haar om harder te probeer. Sy hou egter juis hierdeur instand, wat moet verander. Op 'n meta-vlak sê dit dan eintlik dat "as ons harder probeer, kry ons dit dalk reg". Die terapeut dupliseer dus die gesin se pogings tot eerste orde oplossings.

Dan begin terapeut sekere paradokse benut. Eers 'n wees-spontaan-paradoks wat tot 'n konflik tussen ouers lei. In die proses word die kinders uit die huwelikskonflik gehou. Dit impliseer 'n grensvormingsproses. Die paradoks het dus merkwaardig dinamiek en baie ander terapeutiese intervensies word gefasiliteer (wat buite die doelstellings van die verslag val). Die moskometers-metafoer is nie direk benut nie, maar rig die terapeut se aksies, deurdat die idee hiervan ander intervensies en denkwyse rig, soos respek vir stiltes en stabiliteite.

Die reguit ("compliance-based") intervensies blyk nuttig te wees, maar die paradoks bied werklik beweeglikheid aan die terapie en word deur die gesin "gehoor".

Ek kan ook die invloed van 'n vorige terapeutiese intervensie aangaande mev Roux se negatiwiteit, meet. Hierdie intervensie het 'n impak gelaat, aangesien mev. Roux nie meer ontken, dat sy daartoe instaat is om positief te wees nie. Haar gemoedstoestand is verder ook aan haar konteks gekoppel.

Die stilte word terapeuties van aard aangewend, deurdat die intervensie daarop

gebaseer word. Dit impliseer 'n respek vir die sisteem se stabiliteit, asook 'n verskil wat gegeneer word: mens hoef nie net met woorde te praat nie. Die intervensie suggereer weereens, dat alhoewel gesin min sê, hoor die span wel sekere dinge. Stiltes hou dus nie die terapeut op 'n afstand nie.

Die gesin keer terug vir terapie, wat beteken, dat hulle pyn ervaar. Die pyn lê daarin, dat hulle dit nie kan uitdruk nie. Die "betekenisvolle" kyk van Joanne vind weer plaas. Dit moedig die terapeut aan, om aan die paradoks gehoor te gee.

Na dié sessie wil ek die inherente paradoks as volg formuleer: "Ons ken die probleem en dit maak ons ongemaklik. As ons dit sê, moet ons erken dat dit bestaan. As jy dit kan raai, moet dit nie sê nie, help ons net!"

Dit is nogsteeds dieselfde as die vorige een, maar met die verloop van die proses, het dit 'n ietwat ander dimensie by my ontlok. Die gesin het hulp nodig, maar wil dit hê, sonder om te sê dat daar iets verkeerd is.

Die binding met twee jonger lede is suksesvol en kan tot herstrukturering lei.

## 5. **SIKLUS III**

### 5.1 Voorsessie: (Beplanning)

Soos reeds gemeld, is die probleemdefiniëring vaag en onduidelik vir die terapeut, aangesien dit ongedefinieerd is deur die gesin. Dit word gekoppel aan 'n manifestasie van 'n paradoks, waarop die gesinsreëls gebaseer is. Tydens sessie 1, was Joanne en haar afwesigheid "die probleem"; tydens sessie 2 word mev. Roux en haar onttrekking "die probleem". Die span hipotetiseer, dat die manifestasie van 'n ander simptoombraer, waarskynlik tydens die sessie na vore sal tree. Dit is die wyse waarop die sisteem sy stabiliteit koester en instand hou.

As die terapeut dus op die simptoondraer konsentreer, kan die struktuur onveranderd voortduur. Die proses in sy geheel, moet dus nie uit die oog verloor word nie. As die proses gebaseer word op 'n paradoks, kan die terapeutiese sisteem teen-paradokse formuleer, gebaseer op die strukturele paradoks, wat 'n verandering in 'n ander rigting impliseer. Die stabiliteit word dus benut, ten einde 'n verandering te genereer.

Op die stadium wil lede "die gesin bymekaar hou". Die reëls van die gesinspel bedreig hulle samesyn, deurdat hulle nabyheid hulle van mekaar verwyder. Die reël van wees oop en praat-met-mekaar-oor-alles (behalwe oor "iets"), bedreig die gesinslede. Dié beginsel moet paradoksaal voorgeskryf word. Dit kan die intensiteit verhoog en lede alternatiewe laat ondersoek.

Die span bespreek die gesin se betrokkenheid en sensitiwiteit vir mekaar. "As een seer het, pyn almal." Dit kan dalk sinvol wees, om hulle idee van 'n "gelukkige" gesin te ondersoek.

Die gesin se uitwendige uitreiking na die eksterne ekologie, is minimaal. Dit sluit aan by die paradoks. Hulle moet alles wat hulle nodig het, in die gesin vind. Enige betrokkenheid na buite, kan bedreiging inhou. Hulle moet met MEKAAR praat, niemand kan na buite uitreik nie; dit sal die reëls breek. Alles wat hulle nodig het, is in die gesin te vinde. As hulle dit nie hier kry nie, het hulle dit nie regtig nodig nie. Dit hou die gesin in 'n "double bind" situasie gevange.

Dit is duidelik dat een paradoks ander paradokse stimuleer. Die beginsel sluit aan by die rekursiewe aard, waarbinne patrone in 'n gesin geformuleer word. Dieselfde rekursie hou geskepte patrone instand. 'n Paradoksale reël is dus nie geïsoleerd nie, maar waarskynlik een van baie reëls wat 'n paradoksale kenmerk het. Een ding is egter duidelik, dié paradokse veroorsaak pyn en ongemak.

Die bovermelde gedagtes evolueer uit dié spangesprek. Die span en terapeut moet aan die paradokse op 'n manier antwoord gee, wat terapeuties vir die gesin kan wees.




Die terapeut en die span moet dus hierdie idees in gedagte hou, tydens die toetrede tot die gesin.

## 5.2 Middelsessie: (aksie)

Sitreëling is as volg:

Figuur 14: Sitreëling(sessie 3):



*Die gesin is laat en hulle verduidelik dat hulle in 'n verkeersknoep was.*

**(Kan 'n bewys vir hulle outonomieit wees, asook 'n soeke na beheer te midde van verandering.)**

*Weer duur die patroon van stilte voort. Ek wil die volgende aan die leser voorhou, in terme van mev. se "skynbare verandering" (Die paradoksale intervensie kon dalk 'n bydrae hierin gelewer het.)*

**Terapeut: "Is dit nogsteeds daar (verwysend na haar gevoel van**

*doelloosheid en "niks wees" nie).*

Mev. Roux: "Ek sou sê nie so erg nie, maar tog partykeer. Party dae voel ek beter, ander dae voel ek weer so."

Terapeut: "mm...na laas week, het die gevoel weer teruggekom op stadiums? *(stilte)* In sekere omstandighede, het daar iets gebeur?" *(stilte)*  
Kon julle ander iets agterkom? Wanneer julle ma so voel?"

Lisa: "Ja..."

Joanne: "Sy onttrek..."

Lisa: "Gaan lê in haar kamer."

Terapeut: "So, sy praat meestal maklik, maar soms verander dit."

**Die gedrag wat eers as net negatief beskryf is, is nou afwisselend. Hulle sien meer van 'n balans raak. Die terapeut begin ook 'n proses om Ma en haar gedrag aan die sisteem te koppel. Ander realiteite soos om grense daar te stel, kan hierdeur moontlik raak (ook alternatiewe vir die paradokse).**

*In die sessie koppel die terapeut stilte aan hartseer, wat almal voel. Die hartseer is soveel, dat hulle dit nie kan deel nie. Hulle wil eerder hulle hartseer alleen uitsorteer, as 'n manier om mekaar te beskerm.*

**Die terapeut positiviseer stilte en koppel dit aan hartseer en skryf aan die gesin voor, dat hulle dit moet volhou.**

*Hierdie stelling mobiliseer vir mnr. Roux: "Wel, ek het nou al 'n ding begin om te sê, los ander mense uit, sodat julle oor juisself kan praat. Met die hoop, dat mens iets sal wys raak."*

Terapeut: "Dit klink moeilik...Ek dink, ek weet nie of ek reg is nie. Ek wil 'n klip in die donker gooi...dat dit dalk, miskien te gou is. Dat dit 'n groot eis is, amper, om te verwag dat hulle so gou sal oopmaak. Dit is nog nie tyd nie.

Nie nou al nie."

**Weereens 'n paradoks van "stadiger". Die tyd sal kom, maar nie nou nie. Die terapeut skryf dus die simptoom voor om aanklank te vind by die stabiliteit. Die verskil lê in die feit dat hulle kan besluit wanneer die tyd reg is. Dit is dus nie 'n ewige onbeweeglike situasie nie. Hulle kan kies hoe lank hulle die pyn wil beleef.**

*Die terapeut gaan voort met 'n ander proses, wat intensiteit verlaag.. Uit die proses, word dit duidelik, dat Charl as vandag se simptoombraer die stabiliteit van die gesin verdedig. Hy is stil en sê hy probeer om gesin nader aan mekaar te bring. Almal respondeer op sy simptoom.*

*Die span stel voor, dat mnr. Roux en Charl notas uitruil, aangesien hulle albei "die gesin nader aan mekaar wil bring." Die terapeut maak die voorstel aan die gesin.*

Mnr. Roux: "Ons moet gesels, dat ons koppe bymekaar sit. Dat ons so 'n plan van aksie kan bewerk."

Terapeut: "Dit klink of hy jou wil help en jou raad vra. Het jy vir hom enige raad, want jy probeer dit al vir so lank."

Mnr. Roux: "Hy moenie 'n moordkuil van sy hart maak nie. Hy moet sê wat is die probleem, dat ons almal dit kan deel saam met hom."

Mev. Roux: "Ek dink hy is bang hy maak iemand in die proses seer."

Mnr. Roux: "Nee, hy moenie bang wees om enige iets te sê of te vra nie. As iets jou pla, dan sê jy dit reguit en pront-uit."

**Weer tree die gesinsdilemma na vore. Die paradoks eis sy tol: "jy moet praat oor alles, maar net oor wat sal bewys dat die gesin veilig is." Die gesin se nabyheid word bedreig, maar die reëls van die spel maak nie plek vir alternatiewe nie. Die reëls kan nie gebreek word nie. Die mag behoort dus aan die reëls van die spel.**

**As almal sê: "praat, wees oop", waarom is almal dan so stil en bang om te praat?**

*Die terapeut bespreek die proses van stil wees, met die gesin, as hulle uitgenooi word om te praat. Ook hieruit blyk die bovermelde paradoks bindend en pynlik te wees.*

**Mnr. Roux: "(Wys na mev. Roux) en Lisa steek dit baie keer weg."**

**Lisa: "Ek wil nie my probleme, ander s'n maak nie."**

**Mev Roux: "Ek is bang ek sê iets wat verkeerd is. Dan sal die band wat gevorm is, weer verbreek word."**

**Die openlikheid het dus reëls, wat geslote moet bly.**

**Terapeut: "Die manier wat julle dus gevind het, werk die beste, is om julle probleme vir juiself te hou en self uit te sorteer."**

**Mev. Roux: "Maar die ding is dit sorteer nie uit nie!"**

*Die reëls van die spel verskaf ongemak en die lede wil dit verander maar die paradoks bind hulle. Die reëls van die spel reguleer hulle. Dit veroorsaak pyn, hulpeloosheid en ongemak.*

**Terapeut: "Die band kan net bestaan, as almal julle beste probeer om gelukkig te wees en saam te werk en oop te wees en miskien julle swart gevoelens onder te sit en stil te bly."**

**Die paradoks in die reëls word in die sisteem teruggevoer. 'n Gesin kan net gelukkig wees, as geen ongelukkigheid gewys word nie. Hulle kan net oop en gelukkig wees, sonder pyn. Dié reël is opsigself daartoe instaat om absolute verwydering mee te bring, wat deelnemers nie kan verstaan nie. Hulle poog dan en werk so hard, hoekom dan die afstand?**

*Lisa spreek haar begeerte uit om een persoon in die gesin uit te sonder, met wie sy haar pyn en geheime kan deel. Sy wil dit met iemand wat sy vertrou deel en nie*

noodwendig met almal nie. Sy poog om nuwe reëls te skep waarin geheime en uniekheid kan wees. Meneer poog om dit te blokkeer en die terapeut blokkeer hom.

Die terapeut poog om 'n platform te skep, waar geheime gedeel kan word (as deel van bloedskande as dit dalk bestaan). Die gesin begin hulle reëls tot geheimhouding, uitdaag.

Die terapeut (met die hulp van 'n span) poog om die paradoks te verander. Sy sê, dat daar in 'n gesin gesinsake en persoonlike sake is. Partykeer lyk die persoonlike sake soos gesinsake en dan as dit weerhou word, lyk dit soos 'n gekonkel. Die gesinsake, word soms as persoonlike sake hanteer en lei tot wantroue. Die reëls van, alles word gedeel, (behalwe "iets") word dus geherformuler. 'n Ander realiteit word geskep. (konstruktivisme).

Die terapeut verlaat die vertrek en sê aan die gesin dat hulle moet stil wees. Hulle moet hulle stilte laat voortduur en nie met mekaar praat oor enige iets nie (skryf die simptome voor - hoop hulle wyk daarvan af). Mnr. Roux sê aan die ander, dat hulle nie moet stil wees nie, die terapeut het gesê hulle moet daarvoor praat en "dit" uitsorteer! Die invloed van die paradoks het dus 'n teenoorgestelde uitwerking. Nina skryf iets neer - Pa sê sy moet dit staak, en vra sy pen terug.

#### Intervensie:

Die terapeut formuleer die simptome (Ma, Joanne en Charl) se verskeie simptome, as hulle manier om hulle hartseer met ons te deel. Die ander se stemme is stil en dis moeilik vir die terapeut om 'n gesinskaart te bou. (Wie die simptome draer moet word, word dus voorgeskryf - volgende keer is daar weer 'n ander een.) Die gesinspel word absurd en verdwyn. 'n Gesinsritueel word voorgeskryf: Een lid word elke dag uitgesonder. Die ander hou hom/haar goed dop en leer hom/haar beter ken. In die tyd, doen en gee hulle vir die lid, wat hulle dink hy/sy het nodig. Die persoon mag egter nie sê of hulle reg is nie. Hy kan dit net met stilte ontvang.

**Spel-met-terapie word dus onderling aan mekaar voorgeskryf. Die paradoks word geïntensifiseer en die gesin kan dit tot absurditeit uitvoer.**

*Die gesin verlaat die vertrek. Nina bly egter agter en vertel aan terapeut dat sy al vir Joanne en mnr. Roux in romantiese terme saam sien verkeer het. Hulle het mekaar vurig gesoen. Sy verbreek die stilte. Die paradoks van "wees stil", het haar dus geaktiveer om te praat oor die "iets", wat teen die reëls is.*

### 5.3 Na-sessie: (Reflektering)

In 'n vorige sessie het die terapeut gemeld, dat die verbale nie die enigste manier van kommunikasie is nie. Nina het dit "gehoor" (konstruk wat ons oorgedra het so geïnterpreteer), 'n tekening gemaak en dit aan die terapeut gegee en die 'stilte verbreek'.

Die paradokse in die reëls is deur die teen-paradokse uitgedaag. Die gesin kon dit 'hoor' en daarop reageer, aangesien paradokse ook in hulle reëls opgesluit lê. Omdat die terapeutiese reëls van 'n paradoks verskil, kan dit 'n dinamiese beweging stimuleer.

Die terapeut was onbewus van wat die stilte instand hou, en waarom die gesin so in 'n paradoks vasgevang is. Al wat sy derhalwe kon doen, is om die teen-paradokse te formuleer, ten einde die patroon te verbreek. Die stilte is verbreek.

Die gesin moet nou sy struktuur op 'n sekere manier wysig. Hy kan homself nie meer deur 'n paradoksale reëls van stilte reguleer nie.

Die terapie sal dus 'n ander dimensie kry. Die reël, wat die gesin geïmobiliseer het, en terapeutiese verandering geblokkeer het, is opgehef.

Die laaste intervensie is ook 'n metafoor vir die terapeutiese sisteem. Dit het dus die paradoksale elemente daarvan ingebou. Die terapeut en die span hou die gesin dop

en gee vir hulle wat die span/terapeut dink, hulle nodig het. Die gesin sê egter nooit vir hulle of dit wat die span/terapeut gee reg of genoeg is nie. As hierdie spel in die gesin gespeel word, sal dit die absurde aard daarvan verhoog. Die gesin sal moontlik daarvan afwyk en hulle eie struktuur vir alternatiewe reëls soek.

Die paradoks het dus die vermoë om baie pyn te veroorsaak. Selfs in 'n terapeutiese sisteem, kan die reëls daarvan 'n baie aktiewe, teenstrydige rol speel.

Weens die inherente, irrasionele aard daarvan, kan dit nie verklaar of in logiese terme benader word nie. Die terapeutiese paradoks moet dus dieselfde 'taal praat'. Binne die paradoksale realiteit, word 'n ander paradoks gesentreerde realiteit geskep, wat die pynlikheid van die eerste een ophef en die pynlike paradoks sy houvas verloor.

## **6. Die terminering van die gesinsterapie**

Die Roux-gesin daag nie op vir die volgende terapie-sessie nie. Pogings om met hulle in aanraking te tree is onsuksesvol. Ek skakel weer die statutêre maatskaplike werker en verduidelik aan haar dat die gesin getermineer het. Aangesien mnr. Roux nie op die aantuigings wat Nina gemaak het, kon reageer nie, maak ek nie hiervan melding nie. Die kriminele saak is nog hangende.

Ek skaar my dus in hierdie verband by McCarthy en Byrne (1988:181) deur nie te blameer of skuldiges te probeer soek nie. Die doel van die terapie was dus om die probleem op te los en nie om die gesin te laat disintegreer nie.

'n Spanbespreking oor die terminering vind plaas. Tydens die bespreking word gereflekteer oor die betekenis van die terminering. Die gesin voel dalk nog sterk oor hulle stabiliteit en die verbreking van die stilte was dalk te veel verandering. Die paradoks het dus wel verandering tot gevolg gehad. Die gesin kan dalk outonoom verantwoordelikheid neem vir sy regulasie. Die span kan egter nie regtig, sonder die

gesin, betekenis vir hulle aksies, genereer nie.

## **7. Gevolgtrekking**

'n Paradoks kan dus nuttig in terapie aangewend word. As dit dus in die interaksie met 'n gesin duidelik word, dat hulle paradoksale reëls aanhang, moet die terapie die konsep terapeuties aanwend. Ander terapeutiese tegnieke kan geblokkeer word en paradokse is moontlik die enigste tegniek wat in die gesinsisteem pas en 'n betekenisvolle verskil sal genereer. Die terapeut soek dus geensins 'n oefenveld vir paradokse nie. Hy benut dit slegs, as dit binne die terapeutiese sisteem noodsaaklik is.

Die besproke sessies impliseer nie die terapie in sy geheel nie. Die paradokse is uitgelig vir die doeleindes van die ondersoek. Die gesin is dus nie 'n paradoks nie. Dit verteenwoordig bloot 'n reël in die gesin spel, wat as paradoksaal deur my gepunktueer is. Die beginsels en nuttigheid van paradokse is bloot in dié konteks ondersoek.

Die paradoks het dus 'n sekere rol te speel in die beoefening van terapie. Dit kan die terapeut instaat stel om nuttig, in diens van die gesin, op te tree. Dit word in die interaksie met die gesin beproef.

Die navorsing is 'n voorbeeld van hoe 'n proses, wat paradokse uitken en benut, moontlik daarna kan uitsien.



## HOOFSTUK 4

### SLOTOPMERKINGS OOR DIE TERAPEUTIESE PARADOKS

#### 1. *Inleiding*

Ek wil hierdie hoofstuk punktueer as 'n meta-reflektering van siklus 1 tot siklus 3. Volgens my, is dit 'n integrale deel van aksie-navorsing, aangesien 'n meta-perspektief van die siklusse tot meervoudige beskrywinge en betekenisse lei. Hierdie reflektering kan dus as siklus 4, as deel van aksie-navorsing, ontwikkel word.

Soos reeds in die voorafgaande hoofstukke genoem is, het die terapeutiese gebruik van die paradoks uit die interaksie met die gesin ontwikkel. Hierdie stelling is sinvol, as dit in die konteks van die tweede-orde kubernetiese stelling beskou word, deurdat die terapeut deel word van die terapeutiese gesinsisteem.

In hierdie hoofstuk wil ek die benutting van die strukturele paradokse en die teen-paradokse uitlig. Hierdie paradokse sal dan aan die stabiliteit/verandering komplimentariteit, gekoppel word. Die sistemiese versoenbaarheid van die paradoks, sal hierdeur gedemonstreer word.

Aanbevelings sal ook verder op grond hiervan gemaak word. Ek sal ook reflekteer op moontlike verspeelde geleenthede.

#### 2. *Literatuustudie*

Die literatuurstudie het gepoog om die terapeutiese paradoks as 'n teoretiese konstruk aan die leser voor to hou. Die nut daarvan vir die gesinsterapie-praktyk is veral benadruk. Die gesin se kommunikasie sluit dikwels paradokse in wat in terapie deur

teen-paradokse uitgedaag kan word.

### **3. Die aanwending van paradokse in die gesinsterapie-praktyk**

Die aanwending van paradokse is in Hoofstuk 3 gedemonstreer. Drie terapeutiese sessies is aan die leser voorgehou.

Tydens die eerste sessie, wil dit voorkom asof die gesin van paradokse gebruik maak om hulle interaksie instand te hou. Hierdie stabiliteit is egter pynlik, en is deel van die dinamiek, wat hulle laat aanmeld vir terapie.

Uit die bovermelde hipotese, besluit die terapeut om die impak van 'n terapeutiese paradoks as 'n intervensie te toets. Hierdie intervensies het wel 'n terapeutiese impak deurdat grense geskep word tussen die kinder- en huweliksisteme.

In die derde sessie word die stilte, wat kenmerkend is van die gesin, verbreek. Die hipotese dat die paradoks die verandering kon stimuleer, word aangevoer.

### **4. Die punktuering van die Strukturele sowel as die Teen-Paradokse**

Die paradokse word vervolgens geïsoleer, die leser moet egter nie uit die oog verloor, dat dit deel van 'n groter interaksionele konteks vorm nie. Die grafiese voorstelling poog om aan te toon dat paradokse struktureel (reeds in die gesinstruktuur) en terapeuties van aard kan wees.

Figuur 16: Tabulering van Paradokse:

<u>Siklus 1:</u>	<u>Siklus 2:</u>	<u>Siklus 3:</u>
<u>A) Strukturele paradokse:</u>		
1) Stilte aangaande die problematiek wat terapie noodsaak	Stilte	Paradokse duur voort
2) Spontane verandering van 'n negatiewe na 'n positiewe as logiese tipes wat mekaar nie uitsluit nie	Teenstrydigheid tussen strewe na oopheid en overte geslotenheid	
3)Dinge wat realiteite kan skep eerder as mense in verhouding tot die dinge		
<u>B) Teen-paradokse:</u>		
1) Wees spontaan 2) Stadig-paradoks 3) Griekse koor	Stiltes word voorgeskryf Gesinsbeeldhou: (meta- boodskap) kommunikasie kan sonder woorde geskied	Skryf raaispel voor wat op meta-vlak voorkom

## **5. Paradokse en die komplimentariteit van stabiliteit en verandering**

### **5.1 Aanwending van paradokse in die gesinsterapie-praktyk**

Soos reeds genoem, vind die navorsing plaas binne 'n eko-sistemiese raamwerk. Ek poog hier om aan die leser te demonstreeer dat dit aanpasbaar is met die eko-sistemiese teorie. Die komplimentariteit van verandering en stabiliteit word vir die demonstrasie benut

Die blote feit, dat daar van paradokse gebruik gemaak is, dui op die erkenning van die sisteem se stabiliteit, aangesien die paradokse ontwikkel het uit die strukturele paradokse in die gesin.

'n Voorbeeld hiervan, is hoe beide stabiliteit en verandering aandag, geniet het, is waar mev. Roux gedurende die tweede sessie te kenne gee, dat sy beide positief en negatief is, eerder as dat sy een posisie moet verlaat om by 'n ander aan te sluit. Haar stabiliteit is gerespekteer, deur haar aan te moedig om stadig te beweeg en sy verander hiervolgens.

Die gesin gee te kenne dat hulle 'n meer openhartige patroon van kommunikasie wil volg, maar hierdie versoek lei bloot tot meer geslotenheid. Hulle is dus vasgevang in hulle gesinsreëls en dit blyk onmoontlik te wees om daaruit los te kom. Die versoek om verandering, lei dus tot die onderhoud van stabiliteit. Die paradoks poog om hierdie teenstrydigheid aan te spreek.

Veral die paradokse, wat gerig is op die stiltes, poog om die bovermelde aspek aan te spreek. Die stiltes word dus beskou as 'n metafoor vir 'n groter interaksionele proses. Die stilte word deur Nina se openbaring verbreek.

Alhoewel die paradoks dus tot sekere veranderinge lei, hef die gesin nie hulle stabiliteite op nie. Hulle onderhou dit, deur byvoorbeeld die simptome draers in elke sessie af te wissel, as 'n manier om die aandag weg te lei van verandering. Die stiltes onderhou ook die stabiliteit. Die gesin self sorg dus, dat hulle stabiliteit onderhou word, eerder as wat die intervensie noodwendig daarvoor voorsiening maak.

Die gesin vra op 'n meta-vlak, dat hulle veranderingsprosesse gewysig moet word, ten einde hulle stabiliteit instand te kan hou. Dit is in die verband vir hulle byvoorbeeld belangrik, om oop te wees, want hulle huidige patrone van geslotenheid bedreig hulle voortbestaan.

Volgens my, kan paradokse dalk meer veranderingsgeoriënteerd wees, as wat dit die stabiliteit in gedagte hou. As mens egter die immobilisasie in gedagte hou, wat die strukturele paradokse impliseer, kan die verandering, wat teen-paradokse ontlok, dalk wel die hoër orde stabiliteit onderhou.

Verder is dit belangrik om te onthou dat 'n gesinsisteem selfregulerend is. Dit beteken dat, wanneer 'n terapeut te veel of te min aandag aan stabiliteit of verandering wy, hy dit uit die terugvoer van die gesin op die intervensie as sulks, sal kan punktueer.

Dit kan uit die voorafgaande afgelei word dat die paradoks wel versoenbaar met die sisteemteorie is. Die paradoks kan dus vir sekere gesinne in gesinsterapie nuttig wees.

## **6. *Verspeelde geleenthede***

Ek wil in die afdeling reflekteer oor die geleenthede wat moontlik tydens die terapie verspeel is.

Ek kon, in interaksie met die gesin, die magteloosheid voel wat 'n paradoks kan inhou. Ek was eers vasgevang in die interaksionele reëls, wat die paradokse impliseer. Dit het plaasgevind deurdat ek eers saam met die stabiliteit van die sisteem gegaan het. Deur op die stabiliteit van die sisteem te fokus, het ek die verandering uit die oog verloor. (Byvoorbeeld: wanneer ek op die stilte van die gesin reageer deur stilte.) Die komplimentêre aard van stabiliteit-verandering moes dus nie uit die oog verloor word nie. Dit het dus die terapeutiese proses geblokkeer, voordat dit as deel van die terapie benut was. Die navorsingsproses het my aandag op hierdie aspek gefokus, aangesien navorsing 'n sensitiwiteit by my gekweek het vir die prosesse in gesinsterapie. Die punktiasies van terapeut en navorser verskil dus van mekaar aangesien dit deur verskillende doelstellings gemotiveer word.

Die blokkasie wat in terapie na vore tree, kan benut word, deur op die prosesse rond-om die blokkering, te reflekteer. Die terapeut let dus op na haar toetrede tot die gesin en watter interaksies in terapie na patrone van gedrag in terapie lei. Die patrone wat dus in terapie geskep word en wat blokkering tot gevolg het, kan dus 'n metafoor wees van watter prosesse in die gesin gevolg word, ten einde patrone van interaksie te vestig. Deur 'n verskil in die proses in te voer tydens terapie, kan hierdie patrone, waarmee die gesin ontevrede is, gewysig word.

Wanneer 'n terapeut 'n intervensie vind, wat vir die gesin nuttig is, kan hy dalk net op een intervensie fokus en dit by herhaling benut. Die terapeut kan dus sensitiwiteit verloor vir die terugvoer van die gesin, en begin fokus op die intervensie. Ek kon ook dalk die fout gemaak het, toe die gesin die paradokse as nuttig beleef het. Ek het dalk te veel op paradokse gefokus en moes ander intervensies ook geëksploreer het.

Die benutting van 'n terapeutiese span in gesinsterapie, is belangrik aangesien, dit die terapeut help om nie self in interaksionele patrone verstrengel te raak nie. Dit verseker 'n meta-kommunikasie en gesprekke, wat veelvuldige beskrywings genereer, wat beweging in terapie fasiliteer. Ek kon tydens die uiteensetting van die navorsing, meer van die spanbesprekings en –insae gebruik gemaak het.

## **7. Aanbevelings**

Tydens hoofstuk 1 is genoem dat aanbevelings gemaak sal word aangaande die nut en aanwending van paradokse. Dit geniet vervolgens aandag. Die voorafgaande afdelings moet nie as losstaande van die aanbevelings gesien word nie. Dit vorm dus deel van die reflektering van die terapeutiese proses.

– Die bindingsproses in gesinsterapie is van groot waarde, aangesien dit die

geleentheid bied vir die terapeut om die interaksie-patrone in 'n gesin te beleef. Uit hierdie binding, kan intervensies gebore word, wat by die gesin aanklank kan vind. Hierdie proses moet dus met vaardigheid aangepak word, aangesien die nut van intervensies grootliks hiervan afhang.

- Indien 'n terapeut gedurende die bindingsproses strukturele paradokse puntueer, kan teen-paradokse as intervensies nuttig wees.
- Tydens terapie moet die terapeut sensitief bly vir die terugvoer-prosesse vanaf die gesin en die intervensie daarvolgens aanpas. Die terapeutiese proses, moet dus eerder proses-sensitief as intervensie-sensitief aangedrewe wees.
- Elke gesin is uniek en intervensies moet nie die plek inneem van terapeutiese nuuskierigheid nie.
- 'n Paradoks verskaf bloot 'n betekenisvolle geraas aan die gesin. Die verandering, wat daaruit voortspruit, word deur die gesin en sy struktuur bepaal. Wanneer 'n paradoks dus in terapie benut word behoort dié aspek in gedagte gehou te word.
- Die terapeutiese span en die meta-gesprekke wat in die konteks ontwikkel word, behoort so ver moontlik in enige gesinsterapie aangewend te word.
- Tydens terapie behoort 'n terapeut homself meer as enige tegniek aan te wend. Dit beteken dat 'n terapeut altyd veelvuldige betekenisse gelyktydig onderhou, altyd sy terapeutiese nuuskierigheid behou, so ver moontlik die gesin se "taal" en uniekheid sal leer ken en terapie daarvolgens inrig.

## **8. Slotopmerkings**

Die terapeutiese paradoks is in 'n sekere konteks wel nuttig. Dit word aangewend om sekere stabiliteite uit te daag, sekere patrone voor te skryf, ten einde die absurditeit te laat verhoog, om verandering te bring en om blokkasies, wat teenwoordig is, uit die weg te ruim. Die paradoks is een tegniek, wat aangewend word, saam met ander tegnieke - die aanwending hang af van die interaksie in die terapeutiese sisteem, die gesin en die konteks. In die gesinsterapie-praktyk, benut die terapeut homself, asook die

proses van interaksie tot diens van die gesin. Die intervensies wat hieruit voortvloei, is deel van 'n sekondêre proses.

Ten slotte word die belangrikheid van die estetiese denke weer benadruk, deur Whitehead in Partington (1994:348) aan te haal: "Art is the imposing of a pattern on experience, and our aesthetic enjoyment is recognition of the pattern." Kuns word dus in hierdie verband, gekoppel aan tegniek of terapie, terwyl die erkenning van 'n proses meer proses-waarde inhou en dus ook meer esteties van aard is. Tegniek in 'n terapeutiese proses, vervang dus nooit die proses nie.



## ***Bronnelys***

Atkinson, B.J. & Heath, A.W. 1984. Beyond relativism and objectivism: implications for family therapy research. Family process. 7: 8-16

Bateson, G. 1979. Mind and nature: A necessary unity. London: William Collins & Sons.

Cecchin, G. 1987. Hypothesising, circularity and neutrality revisited: An invitation to curiosity. Family process. 26(4): 405-413.

Dean, R.G. 1983. Constructivism: an approach to clinical practice. Smith studies in social work. 63(2): 126-146.

Dell, F.P. 1985. Understanding Bateson and Maturana: Towards a biological foundation for the social sciences. Journal of marital and family therapy. 11(1): 1-20.

De Vos, A.S. Evaluatiewe navorsing (eetste deel). I.V.C. Randse Afrikaanse Universiteit. Ongedateerd.

Efran, J.S.; Lukens, J & Lukens, M.D. 1988. Constructivism: What's in it for you? Networker. 4:27-34.

Family therapy workshop (Gianfranco Cecchin). 1998. Cybernetics in Family Therapy. 20 & 22 August, Millpark Business School, Johannesburg.

Haley, J. 1973. Uncommon therapy. New York: Norton & Co.

Haley, J. 1983. Strategic therapy. New York: W W Norton.

Held, B.S. 1990. What's in a Name? Some confusions and concerns about

- Constructivism. Journal of marital and family therapy. 16(2): 179-186.
- Hofmeyer, L. 1995. Steekproeftegniek. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Hofmeyer, L. 1995. Navorsingsontwerpe. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Keeny, B.P. 1983. Aesthetics of change. V.S.A: Guildford Press, Inc.
- Keeny, B.P. 1985. Mind in therapy. V.S.A: Basic Books.
- Keeny, B.P. & Ross, J.M. 1983. Cybernetics of Brief Family Therapy. Journal of marital and family therapy. 9(34): 375-382.
- Keeny, B.P. & Ross, J.M. 1985. Constructing systemic family therapy. New York: Basic Books, Inc.
- Keeny, B.P. & Sprenkle, D.H. 1982. Ecosystemic epistemology: Critical implications for the Aesthetics and Pragmatics of family therapy. Family process. 21(1): 1-19.
- Leyland, M.L. 1988. An Introduction to some of the ideas of Humberto Maturana. Journal of family therapy. 10: 357-374.
- Louw, H. 1994. Complimentarities in therapy. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: UNISA.
- Madanes, C. 1981. Strategic family Ttherapy. San Fransisco: Jossey Brass, Inc.
- Madanes, C. 1984. Behind the one way mirror. Kalifornië: Jossey Brass, Inc.
- Maturana, H.R. 1975. The organisation of the living:A theory of the living organisation. International journal of man-machine studies. 7:313-332.

McCarthy, M & O'Reilly Byrne, N. 1988. Mis-taken love: Conversations on the problem of incest in an Irish context. Family process. 27: 181-199.

Minuchin, S & Fishman, H.G. 1974. Families and family therapy. London: Tavistock Publications.

Minuchin, S. 1981. Family therapy techniques. V.S.A: Congress of Cataloging and Publ.

Moll, I. 1989. Action Research - justified optimism or wishfull thinking? South African journal of psychology. 19(2):109-110.

Mouton, J & Marais, H.C. 1990. Basic concepts in the methology of the social sciences. Pretoria: H.S.R.C.

Palazzoli, S.M.; Boscolo, L.; Cecchin, G. & Prata, G. 1975. Paradox and counterparadox. A new model in the therapy of the family in schizophrenic transaction. London: Jason Aronson.

Palazoli, S.M.; Boscolo, L.; Cecchin, G. & Prata, G. 1980. Hypothesising - circularity - neutrality: Three guidelines for the conductor of the session. Family process. 19(1): 3-12.

Papp, P. 1980. The greek chorus and other techniques of paradoxical therapy. Family process. 19:45-57.

Papp, P. 1983. The process of change. New York: Guildford Publications, Inc.

Parsegran, Y. 1973. The cybernetic world of men, machines and earth systems. New York: Anchor Books.

Partington, A. 1994. The concise oxford dictionary of quotations. New York: Oxford University Press.

Plug, C.; Meyer, W.F.; Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1986. Psigologie-woordeboek. Pretoria: McGraw -Hill Mpy.

Rahman, A. 1993. People's self development. Bungladesh: Mohiuddin Ahmed.

Reason, P. 1994. Participation in human inquiry. London: Sage Publication Ltd.

Rogers, C.R. 1951. Client centered therapy. London: Constable and Company Ltd.

Smuts, B.W. 1989. Aksienavorsing en die lewensvatbaarheidstudie: 'n benadering tot sinvolle navorsing. Militeria. 19(4):1-3.

Stanton, M.D. 1981. An Integrated structural/strategic approach to family therapy. Journal of marriage and family therapy. (1): 427-439.

Sluzki, C.E. & Ransom, D.C. 1976. Double bind: The foundation of the communicational approach to the family. New York: Anne & Stanton.

Stierlin, H. 1983. Family Therapy - A science or art? Family process. 22(4):413-423.

Stringer, T.G. 1996. Action research: A handbook for practitioners. Kalifornië: Sage Publications.

Strydom, H. 1996. Deelnemende waarneming as 'n prosedure in maatskaplike werk - navorsing. Maatskaplike werk/Social work. 32(2): 123-136.

Watzlawick, P. 1967. Pragmatics of human communication. V.S.A: W W Norton & Co.

Watzlawick, P; Weakland, J.H. & Fisch, R. 1974. Change: Principles of problem formation and problem resolution. New York: Norton and Co.

Watzlawick, P. 1984. The invented reality. Kanada: Penguin Books, Ltd.

Wick, D.T. 1996. Social constructivism. Journal of systemic therapies. 15(3): 65-79.

Young, D.M. & Beier, E.G. 1989. Handbook of interpersonal psychotherapy.